# VLU OVERVAAL

## NUUSBRIEF / NEWSLETTER

JAARGANG 29 • VOLUME 3 • NOVEMBER 2023 • YEAR 29

### TEMA 2024 THEME

## LEEF IN VOLKLEUR / LIVE IN FULL COLOUR

**VLU HOOFKANTOOR / WAU HEAD OFFICE**

**076 431 2250** vluovervaal@gmail.com

Eenheid/Unit 13, Central Office Park, Jeanlaan 257 Jean Avenue, Centurion, 0157

Kantoorure / Office hours:
Maandag & Dinsdag 08:00 - 13:00/
Monday & Tuesday 08:00 - 13:00

**President**

Barbara Nell

076 194 1901 bnell@uegroup-sa.co.za

**Sekretaris / Secretary**

Mercia Coetzee

**076 431 2250**

vluovervaal@gmail.com

**Streekvoorsitters / Regional Chairpersons**

**GOUDRIF** Ronél Lombaard

083 659 7236 ronellombaard5@gmail.com

**GOUE SUIDE** Elize Coetzee

082 929 0874 pieter.coetzee@fastway.co.za

**JAKARANDA** Heléne Richter

082 377 9385 richterhw61@gmail.com

**PRETORIA** Sally Ferreira

072 181 6448 sally@mstrading.co.za

**WITWATERSRAND** Adri van Niekerk

082 556 2984 busdiens@gmail.com

**Redakteur / Editor** - Tina Ainslie

082 401 5140 tina@vwveng.co.za

**Skakelbeampte / Liaison Officer**

Diana Keulder

076 645 8038
skakelbeampteovervaal@gmail.com

**VLU Overvaal Bankbesonderhede / Banking detail:**

VLU Overvaal, ABSA Centurion
Tjekrekeningnommer 210153519 Current account

Bewys van betaling aan / Proof of payment to:
**076 431 2250** vluovervaal@gmail.com

*Verskaf besonderhede soos naam, tak, streek en waarvoor deposito is / Provide full details of the deposit i.e. name, branch, area, province and what the payment is for.*

***ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS!***

**Voorbladfoto / Cover photo**
**watercolor-2681039_1280**

# VLU OVERVAAL

**Non-profit Org.: 010-582 NPO**

## nuusbrief | newsletter

JAARGANG 29 • VOL 3• NOVEMBER 2023 • YEAR 29

**Boodskappe / Messages:** **Bladsy / Page**

• **President - Barbara Nell** 3

**Uit Hoofkantoor / From Head office**

• **Belangrike datums & projekte** 4
• **Kongres** 5
• **Persone & sake vir 2024** 9
• **Kompetisieriglyne** 39-50

**Streeknuus / Regional News:**

• **Goudrif** 11
• **Goue Suide** 16
• **Jakaranda** 22
• **Pretoria** 31
• **Witwatersrand** 32

**Artikels**

• **Lugbraaiers** 51

**Dit & Dat / This & That**

• **Erfenis** 10
• **Skakelwerk / UB Verryking** 38
• **Resepte / Recipies** 52
• **Boeke** 55

## Redaksioneel

Hierdie is seker die laaste keer wat die ou embleem vertoon gaan word. Ons sien uit na die gebruik van die nuwe een in die nuwe jaar saam met ons tema "Leef in volkleur"! (Het die voorblad genoeg kleur om te inspireer?)

Die afgelope kongres is op almal se lippe en waardering teenoor Barbara en haar span word oral uitgespreek. Dit was 'n belewenis en die Oscar-aand baie populêr. Die soeke na 'n oomblik van glorie is meeste se droom. Die takke se bydraes is meestal geïnkorporeer onder die kongresafdeling.

Ek staan telkens verstom oor die kreatiwiteit en aktiwiteite van die takke - sommige groot en sommige klein - maar dit lyk my daar is energie tussen lede en dit is wat ons laat groei.

Heelwat takke se bydraes ontbreek hierdie keer maar ek vertrou volgende keer is julle daar. 'n Groot deel van die Nuusbrief is aan die kompetisieriglyne gewy. Lekker werk aan al die nuwe artikels maar onthou, die voriges moet eers klaar!



Kerstyd en alles wat daarmee saamgaan is om die draai. Rus as jy kan, geniet waarby jy betrokke is en maak energie bymekaar vir nog 'n jaar. Ons bly geseënd en dankbaarheid moenie uitbly nie.

Groetnis, Tina

*Overvaal-Nuus word aan die opvoeding van die volwasse vrou gewy. Dit is die amptelike nuusblad van VLU Overvaal. Menings wat in hierdie nuusblad uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die Unie nie. Briewe, foto's en bydraes ontvang vir publikasie word geplaas met die veronderstelling dat toestemming van die betrokke persone op die foto's en bydraes verkry is.*

*Overvaal News is devoted to the education of adult women. WAU News is the official journal of WAU Overvaal. Opinions expressed in this newsletter are not necessarily those of the Union. Letters, photos and contributions received for publication are placed with the assumption that people reflected gave permission for it to be used.*

Liewe vriendinne,



Dit is die maand Oktober,
die mooiste, mooiste maand!
Dan is die dag so helder,
so groen is elke aand,
So blou en sonder wolke
die hemel heerlik bo, (C. Louis Leipoldt)

Die einde van 'n besige jaar is in sig. Ek raak opgewonde as ek terugdink aan alles wat die takke en streke sowel as die provinsie in 2023 vermag het. Dit was voorwaar 'n besige, maar suksesvolle jaar vir VLU Overvaal.

Wat 'n groot vreugde was dit nie om soveel lede by die Overvaal Kongres te verwelkom nie. Die aantal dames wat die Kongres van 30 en 31 Oktober bygewoon het, het alle verwagtinge oortref. Dankie daarvoor! Ek het elke oomblik saam met julle geniet: van die sprekers, die kunstenaars, die demonstrasie tot die swierige aandfunksie. Die geselsies en kuier met die lede was egter vir my 'n hoogtepunt. Die lede van VLU Overvaal is kosbaar en spesiaal.



Die Overvaal projek vir 2024 is steeds "Hef 'n kind op" en ek raak kinderlik opgewonde oor die Amigurumi skeppings wat in 'n blikkie geplaas word vir die "I can can"-projek. Daar is reeds 'n paar ingehandig en elkeen is uniek en pragtig. Terugvoer oor die projek is positief en al die lede kan betrokke raak met die versiering van 'n blikkie of deur iets wat 'n kinderhart sal bly maak te hekel of te brei.

Overvaal gaan op **10 Mei 2024** weer 'n **kleiduifskietkompetisie** aanbied. Die inkomste van die dag gaan tot voordeel van ons projekte, insluitend "Hef 'n kind op", aangewend word. Begin solank met bemarking van die geleentheid. Die eerste kleiduif was 'n groot sukses en almal be-trokke het dit baie geniet. Dames kom ons pak hierdie geleent-heid met ywer en entoesiasme aan!

Hier waar ons die einde van 2023 nader wil ek graag elke lid bedank vir haar betrokkenheid by ons organisasie. Elkeen van julle maak 'n daadwerklike verskil.

**Jy maak saak**

Iewers glimlag iemand omdat hulle jou naam op die foon sien.

Iewers glimlag iemand omdat hulle 'n grap onthou wat jy vertel het.

Iewers glimlag iemand omdat hulle 'n liedjie hoor wat hulle aan jou herinner.

Iewers glimlag iemand omdat hulle koffie uit 'n beker drink wat jy vir hulle gegee het.

Iewers glimlag iemand omdat jy hulle veilig laat voel, omdat jy die skouers is waarop hulle kan huil, omdat jy saam met hulle kan droom en kan lag.

Iewers glimlag iemand omdat jy, jy is.

Ek hoop jy glimlag vandag omdat jy weet dat jy 'n verskil maak.

(Liefdeskroon)

Mag julle 'n Kersfees-fees gevul met liefde, kosbare oomblike en deernis ervaar. Mag julle ons Almagtige Vader se teenwoordigheid en seën ontvang. Mag die Nuwe Jaar julle sagkuns, met genade en liefde behandel en mag elkeen haar vrouwees in volkleur gedurende 2024 uitleef.

Groete,
Barbara






SAVLU Uitvoerende Bestuur in 'n vrolike luim tydens die vergadering van17 tot 19 Oktober
*Voor:* *Ria Strydom (President VLU Noord en SAVLU tesourier), Cindy Coetzee (SAVLU President), Antoinette van der Walt (President Federation of Womans Institutes).*
*In die middel:* *Gerda Pienaar (uittredende President Vrystaat VLU), Barbara Nell (President VLU Overvaal.*
*Agter:* *Alna Kapp (President VLU Mpumalanga), Engela Thompson (SAVLU sekretaresse), Hermien van den Berg (President Namibiese Vroue-vereniging), Elsabé Kotzé (Nuutverkose President VVLU) en Gerda Swart (President VLU Noordwes en Visepresident SAVLU)*

# INLIGTING VANUIT HOOFKANTOOR

Affiliasiefooie / Ledegeld en projekfonds is betaalbaar vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 2023.
Affiliation fees and project funds are payable for the period 1 January – 31 December 2023

| **AFFILIASIEFOOIE *Vooruitbetaalbaar* / AFFILIATION FEES *Payable in advance*** | |
|---|---|
| Affiliasiefooie / Affiliation fees (voljaar / full year) | R180.00 |
| Projek- en ander fondse / Project- and other funds (voljaar / full year) | R20.00 |
| **Totaal / Total** | **R200.00** |

**ADVERTENSIES**

Alles in **kleur** en in **A4 formaat**.
Advertensiekoste is die volgende:

- A4 volblad R900 (3 uitgawes per jaar)
- ½ blad R450 (3 uitgawes per jaar)
- ¼ blad R250 (3 uitgawes per jaar)
- Visitekaartjie-grootte R120 (3 uitgawes per jaar)

Die advertensie kan in jpg-, pdf- of pub-formaat gestuur word.
'n Faktuur sal verskaf word vir die advertensie en betaling kan gemaak word aan:

VLU Overvaal, ABSA Centurion
Tjekrekeningnr: 210153519
Verwysing: Besigheid se naam + advertensie

Stuur asseblief 'n bewys van betaling aan vluovervaal@gmail.com

**Stuur die advertensie na die redaktrise sowel as na die Hoofkantoorsekretaresse met bewys van betaling**

## BELANGRIKE DATUMS 2024

**KONFERENSIES:**

- Goudrif : 2 Maart
- Goue Suide : 16 Maart
- Jakaranda : 7 Maart
- Pretoria : 22 Februarie
- Witwatersrand : 9 Maart


**KONGRES** : 28 & 29 Augustus

**SAVLU KONGRES** : 22-24 Oktober te Bolivia Lodge, Polokwane

**KLEIDUIFSKIETKOMPETISIE** 10 Mei 2024

**BYDRAES VIR OVERVAAL NUUS:**

26 Januarie
17 Mei
18 Oktober




## Overvaal Omgeeprojek: SAVF 2024

Bydraes van toiletware, haarbenodigdhede, skryfbehoeftes, onderklere & sokkies vir seuns en dogters word gevra. Die projek strek tot met die datum van Kongres 2024 (einde Augustus)

Opregte dank en waardering word uitgespreek vir jou onbaatsugtige skenking aan die Omgeeprojek die afgelope jaar. Jou rojale bydrae beteken vir ons baie en dit gaan 'n groot verskil maak aan die werk wat by SAVF gedoen word.

Dit is deur die ondersteuning van lede soos jy dat ons kan voortgaan om ons missie te vervul en 'n positiewe impak op ons gemeenskap te maak. Ons waardeer jou geloof in ons werk en jou bereidwilligheid om ons te ondersteun van harte.

Ons belowe om jou skenking met sorg en integriteit te bestee om die beste moontlike resultate te behaal. Dankie dat jy deel is van ons span en ons help om 'n verskil te maak.

Die bydraes wat ons gesorteer het is:

- Plakkies: 205 pare
- Handdoeke: 143
- Waslappe: 40
- Lekkerruik: 300 eenhede
- Tandepasta, tandeborsels, sjampoe, room en vele meer.

Ons sal op 1 November die laaste skenkings ontvang en finale hoeveelhede bepaal.

Nogmaals baie dankie vir jou vrygewigheid. Ons sien uit na die voortsetting van ons samewerking en die sukses wat ons saam kan bereik.

Met opregte dank en waardering,
- Carol Marais
Koördineerder van skenkings

Nms. Mev Barbara Nell
President van VLU Overvaal

Liewe VLU-vriendinne,

# KONGRES

Met die kopskuifsessies die begin van 2023 is die uitdaging deur ons president aan al die streke gerig, woon asseblief die kongres die jaar by en ons lede het nie teleurgestel nie. Vyf minute na die Google-besprekingsvorm uitgestuur is het ons al ‘n bespreking ontvang. Opgewonde het ons die besprekings dopgehou en bespiegel of ons die 180-merk gaan haal, maar ver bo ons verwagting het ons 220 besprekings ontvang.

Vroeg die Dinsdagoggend het lede al begin arriveer en die groot kuier het begin. Vir baie was dit ook ‘n bedrywige dag, want daar was baie voorbereidings, vergaderings en beplanning wat afgehandel moes word. Gelukkig maak vele hande ligte werk en voor die son gesak het was alles gereed. Die kongreslokaal en eetsaal was prentjiemooi versier en ongeveer die helfte van ons lede kuier al die Dinsdagaand heerlik saam.

Woensdag breek uiteindelik aan en dou voor dag daag die res van die kongresgangers op. Na heerlike broodjies, tee en koffie neem almal hulle sitplekke in. Terwyl die lede hartlik saam “Song of Peace” sing dra die trotse streekvoorsitters hulle streke se vaandels in. Ds. Anandi Greyling open op ’n gepaste wyse die dag se verrigtinge en ons dink met hartseer aan ons VLU-vriendinne wat gedurende die jaar oorlede is. Enkele amptelike sake word afgehandel en toe breek die oomblik aan waarvoor ons almal gewag het. Erik Holm het ons laat skater van die lag, maar ons was ook diep getref deur die trauma wat hy moes verwerk het.

Dit was weereens ‘n voorreg om ‘n skenking aan SAVF te oorhandig en die Gidshondvereniging kuier ook by ons. O’Shea, ‘n goue apporteerhond, was die ster van die dag en het menige dames se harte gesteel.

Na ‘n heerlike middagete breek die “Graveyard”-sessie aan, maar die verslae en besprekings was kort en bondig en is gou afgehandel. Willie Strauss sluit die middag se sessie met musiek en pittige vertellings op ‘n prettige en vrolike noot af.

“A Night at the Oscars” breek uiteindelik aan en die dames arriveer in swierige uitrustings op die rooi tapyt en foto’s word in die uitsonderlike fotohoekie geneem.


Ons pryswenners word op ‘n spesiale wyse vereer en toe begin die groot partytjie saam met Alwyn Oberholzer. Die bittereinders het tot laat gekuier en ons sal die aand nie gou vergeet nie.

Donderdagoggend hoor ‘n mens al van vroeg af die geskarrel en taswielietjies wat raas op die stoepe en mens besef met hartseer die laaste dag van die kongres het aangebreek. Elizabeth Kendall open op haar besonderse manier die oggend. Ons luister na Lizette Volkwyn en Leigh den Bakker. Besprekingspunte, verkiesing en die finale prysuitdeling word afgehandel. Na ‘n vinnige bene rek kom Andries Kemp van Rolkem aan die beurt en bakke soete verleidings word rond gestuur om te proe en op ‘n baie soet noot word Kongres 2023 afgesluit.

Ons verdaag vir ‘n baie laat ontbyt, maar almal is dit eens dat die kongres ‘n reuse sukses en ‘n groot bederf was. Moeg maar opgewonde oor al die nuwe projekte en uitdagings het die motors een na die ander in ‘n stofwolk verdwyn. Dankie aan elke lid wat die kongres bygewoon het en ‘n bydrae gelewer het. Sonder julle kan ons nie ‘n suksesvolle kongres aanbied nie. Ons sien uit na Kongres 2024!

Groete
Nina Nel, Visepresident

## DIE KOMIESE / MINDER KOMIESE…



Ons moet darem deel dat uit pure opgewondenheid om by Meulstroom te kom, Elaine Potgieter en Bettie Boshoff in die los sand van die varsgeskraapte pad vasgeval het. Gelukkig het dieselfde skraper wat die probleem veroorsaak het, dit ook opgelos deur hulle met ‘n ketting aan sy kragtige masjien vas te maak en agteruit (nogal!) uit te sleep.

## DIE KONGRES WAS ‘N BELEWENIS VIR:

**Miemie Matthee (Magalieskruintak):** “Ek het al vele kongresse bygewoon in die meer as 60 jaar wat ek aan die VLU behoort. Dit is elke keer heerlik om ou vriendinne te sien en lekker saam te kuier. Ja, mens sien ook hoe ons ouer word… Die sprekers was hierdie jaar vir my uitstaande. Ek was nogal uitgeput na die besige program wat aangebied was, maar sal definitief weer volgende jaar by die kongres wees!

**Susan Strydom (Wierdaparktak):** “Hierdie was my heel eerste kongres en ek het ontsettend trots gevoel om aan so ‘n uitnemende organisasie te behoort wat so ‘n glansgeleentheid aangebied het. Die sprekers was inspirerend, die demonstrasies was baie interessant en die Oscar-aand was ‘n hoogtepunt. Nee, alles op die kongres was hoogtepunte!

**Elma Human (De Wildttak):** Die kongres was vir my soos die geskenksak… propvol interessanthede en verrassings en baie bederf! Die sprekers en die vermaaklikheid was uit die boonste rakke en dit het gevoel of ek elke oomblik op die kongres gefokus was want ek wou niks mis nie! Dit was vir my ‘n onvergeetlike geleentheid om die seremoniemeester tydens die Oscar-aand te wees en die “glitz en glamour” saam met ‘n skitterende organisasie te beleef.

**Elize Lundall-Magnuson, (Kilnerparktak):** ‘n Spesiale ervaring – die kongres. Ek hoor elke jaar van my medelede dat mens die kongres nie moet mis nie en dat jy móét oorslaap. Hierdie jaar het ek en my sus oë toegeknyp, verlof ingesit en getrek kongres toe saam met my takkollegas.

Ai en was dit nou ‘n vreugde! Die vriendelikheid van die verwelkomingskomitee, die lag, die grappies en die lekkerte om saam met vroue te kuier wat net hulleself vir ‘n paar ure geniet. Die kos was heerlik, die geskenke en pakkies wonderlik.

Wat hierdie ervaring nog meer spesiaal gemaak het is erkenning van ons as nuwelinge by ‘n kongres. Baie dankie vir my lepeltjie! Elke minuut was leersaam en wat vir my uitgestaan het was die verkiesing. Dit was absoluut professioneel gedoen en die reëls is deurentyd gevolg. Wat ‘n voorbeeld vir my as ‘n nuweling.



Ek sal natuurlik nie weer ‘n kongres mis nie!

*(Engelse weergawe op p31 - Red)*

# 28ste KONGRES te MEULSTROOM LODGE



*Die grootste groep dames nog wat vir die eerste keer die kongres bygewoon het.*

*Regs: Heléne Richter bedank die gasspreker, Lizette Volkwyn*



Barbara Nell se eerste kongres kan net as puik beskryf word.





*Links: Barbara Nell wens Tracy Coetzee geluk met die prestasie wat sy in Maleisië behaal het.*





*Links: Barbara Nell saam met Andries Kemp van Rolkem en sy twee helpers, Ruan Venter en Jason van Eeden met hul kleursels en geursels.*

*Bo: Hierdie dames het die beoordelaarskursus suksesvol afgelê. Cindy Coetzee wens hulle geluk: Marina Stoop, Anette Stroebel, Sally Ferreira en Mariëtte Bester.*



*Links:* Pieter vd Berg met sy gidshond O'Shea het vertel van die 70 jaar wat die Gidshondvereniging al bestaan. Hier saam met Adri van Niekerk, streekvoorsitter WWR en regs is Alicia Joubert.

*Regs:* Gasspreker Eric Holm aan die woord. Hierdie merkwaardige man het vertel hoe sy lewe verander het na hy sy nek gebreek het toe hy in 'n dam geduik het. 'n "Herskryf jou verhaal" by uitstek! Baie keer is daar geskater maar daar is ook trane afgevee..









*Bo & links:* Die gaskunstenaar Willie Strauss en sy begeleier, Henry-John.













*Overvaal se eie "Oscar"-dinee en prysuitdeling! Hierdie geleentheid is gebruik om op te "dress" soos net dames vir so geleentheid kan. Elma Human, seremoniemeester en die gaskunstenaar Alwyn Oberholzer, verleen luister aan die geleentheid.*

## KONGRESPRESTASIES

**GOED… BETER … BESTE!**

Dit is al manier hoe mens hierdie jaar se Overvaal-kongres te Meulstroom kan beskryf.

Elke jaar mik ons vir beter... volgende jaar gaan dit moeilik wees om op vanjaar te verbeter. Alles was pragtig, goed georganiseer en 'n wonderlike belewenis. Baie dankie aan Barbara Nell en haar span. Dit was 'n groot voorreg om die kongres by te woon.

**WITWATERSRAND** skitter by die kongres met hulle wonderlike prestasies. Baie geluk aan elke dame wat deelgeneem het. Al het jy nie gewen of 'n plek behaal nie, jou bydrae het gehelp met ons streek se wonderlike uitslae. Elke artikel is kosbaar en pragtig want dit is handgemaak. Ure se beplanning en geduld - uittrek en weer probeer, alles werk vooraf wat niemand sien nie.

Besondere prestasies was Corné Gaspar (Krugersdorp) en Maryna van der Merwe (Fushia) se spesiale pryse vir Sri Lanka Appliek en Laslap-breiwerk onderskeidelik.

**Lentetak** was die wentak met 1633 punte vir 21 artikels en Fairlandstak tweede met 1591 punte en 16 artikels.

- Ronel de Greeve, Streekskakelbeampte, Witwatersrand

*Regs: Maryna Olivier (Fushia) heel regs deel die trofee vir die lid met die meeste punte met Sally Ferreira (links), Van Riebeeck-tak.*





*Links: Margaret Peters (regs) van Lentetak ontvang die trofee vir die tak met die meeste punte.*

*Onder: Adri van Niekerk ontvang die trofee vir Witwatersrandstreek met die Meeste punte.*





*Links: Barbara Nell oorhandig die trofee aan die **Vonkelvrou van die jaar,** Barbara Steenkamp.*



*Bo: Heléne Richter ontvang die trofee vir die beste voorsittersverslag.*



*Bo: Barbara en Cornél Rothmann, Skakelbeampte van die jaar.*



*Bo: Nina Nel bedank Alta Prinsloo en Hester van Heerden vir hul diens tydens hul termyn as streekvoorsitters en regs word Sally Ferreira en Ronél Lombaard as die nuwe streekvoorsitters verwelkom.*



# BEPLAN DIE NUWE JAAR 2024




| | |
|---|---|
| **TEMA / THEME:** | Leef in volkleur / Live in full colour |
| **STUDIERIGTING:** | Kreatiewe vaardighede |
| **SKRYWERS VAN DIE JAAR:** | |
| **AFRIKAANS:** | Nataniël |
| **ENGELS:** | Irma Venter |
| **KUNSTENAAR VAN DIE JAAR :** | Wouter Kellerman |
| **PERSOONLIKHEID VAN DIE JAAR:** | Kirsten Neuschäfer |
| **PRODUK VAN DIE JAAR:** | Koeksoda |
| **PROJEK VAN DIE JAAR:** | Hef 'n kind op |
| **OMGEEPROJEK:** | SAVF: toiletware, haarbenodigdhede, skryfbehoeftes, onderklere & sokkies vir seuns en dogters |
| **PRESIDENT SE PROJEK:** | "I can can" - 'n Amigurumi-speelding in 'n blikkie |
| **BOME VAN DIE JAAR:** | - Bergkaree (Searsia leptodictya)<br>- Karee (Searsia lancea ) |
| **VOëL VAN DIE JAAR:** | **Berghaan /** Bateleur (*Terathopius ecaudatus*) |





# SAVLU/OVERVAAL KOMPETISIES: 2024/2025

**OVERVAAL-KOMPETISIES 2024**

| | | |
|---|---|---|
| BORDUURWERK | : | Argitektoniese borduurwerk |
| BORDUURMASJIEN BORDUURWERK | : | Skinkbordlap |
| MASJIENWERK | : | Oortreksel vir 'n elektriese apparaat |
| BREIWERK | : | Trui met skouerstuk in Noorweegse breiwerk |
| HEKELWERK | : | Ierse hekelwerk, enige artikel |
| HANDVLYT | : | Macramé knoopwerk, enige artikel |
| KUNS | : | Stillewe met kleurpotlode |
| FOTOGRAFIE | : | Ruïnes op my pad |
| SKRYFKUNS | : | Op pad... |
| BEGINNERSHEKELWERK | : | Enige artikel met "Granny squares" |
| SKOLIERE | : | Boekoortreksel - enige medium |

Al die riglyne verskyn vanaf p39.
*(For the English version, contact Almarie vd Berg 072 393 8517)*

## ERFENIS

**Volgens die HAT beteken erfenis iets wat nagelaat word of iets wat geërf word.**

**Met die oog op Erfenisdag is dit dalk die tyd om te besin oor ons erfenis.**

**Ongelukkig word ons erfenis as Suid-Afrikaners nie erken soos wat dit erken behoort te word nie, maar ons is primêr verantwoordelik vir ons eie, persoonlike nalatenskap.**

**Ons mag nie dat ons erfenis of nalatenskap ook net ongesiens verbygaan nie. Die voetspore wat ek en jy nou trap is ons nalatenskap wat ons gaan agter los.**

**Moenie dat die gras doodgaan waar jou spore lê nie, maar trap jou spore op goeie vrugbare grond sodat daar 'n pragtige blomtuin kan groei.**

- Cornél Rothmann, Skakelbeampte, Bapsfontein

### ERFENISDAG IS GROEN

Groot FM het hande gevat met Plantland en 'n groen baadjie vir Erfenisdag aangetrek. Niemand sal ontken dat ons "braaidag" geniet nie, maar wat laat ons eintlik na vir die volgende geslag?

Moenie deur die blare wees nie, plant 'n boom! As jy tussen die boom en die bas is en wonder oor watter soort boom om te plant, plant 'n pekanneutboom.

Het jy geweet: pekanneute was die eerste neute op die maan? Omdat dit die minste van die neutsoorte weeg, het ruimtevaarders daarvan saamgeneem vir peuselhappies vol voedingswaarde.

Ek het Groot FM gekontak en toe die begunstigde van twee neutbome geword!

- Elma Human, Streekskakelbeampte, Jakarandastreek

GROOT FM GAAN GROOT 90.5






*Groot FM en ruimtevaarders het iets in gemeen… neute!*

*Elma ontvang twee neutbome van Francina by Plantland The Wilds Garden Centre*

### ONS EIE ERFENIS…


### GESKIEDENIS VAN DIE VLU-ROOS

Gedurende Henrietta Schoeman se termyn as SAVLU-president (2009 - 2015) was dit ook die viering van SAVLU se tagtigste verjaarsdag. Die viering was op 9 Augustus 2011 in die Amfisaal by die Voortrekker Monument in Pretoria. *(Was jy ook daar? - Red)*

Tydens hierdie spoggeleentheid het Ludwig Tashner die roos wat hy gekweek en na die SAVLU vernoem het, daar amptelik bekend gestel en aan die VLU oorhandig. Dit was alles deel van die feesvieringe.

Die SAVLU het terselfdertyd ook 'n resepteboek deur Lapa-uitgewers die lig laat sien.

- Henrietta Schoeman



*Die VLU-roos in Meisie Wessels, Magalieskruintak se tuin.*

*Het iemand een wat met hare kan kompeteer?*

**OVERVAALTEMA: LEWE IN VOLKLEUR.**

Daar is 'n paar kleure wat ons in 'n geestelike konteks kan gebruik:

- WIT: simboliseer reinheid, onskuld en 'n vars nuwe begin.
- PIENK: genade, geluk en veral sagtheid.
- ROOI: liefde en geluk.
- GROEN: harmonie, veerkragtigheid, goeie gesondheid, optimisme, nuwe lewe en groei.
- PERS: magtig, respek, heerskappy, tradisie, sukses en bewondering.
- GEEL geluk, vreugde, sonskyn, vriendskap en positiwiteit.

Die vraag is: Watter van hierdie kleure blommetjies is vandag in die bos wat jy vir iemand anders gee?

(Verkorte weergawe van Heléne Richter se boodskap by Monumentpark se opedag.)

- Alta Lichtenstein, Skakelbeampte, Monumentpark
- Alta Lichtenstein, Skakelbeampte

## JASMYN

### PASSIESPELE IN OBERAMMERGAU

Oberammergau is in Beiere/Bavaria. Die dorpie was in 1806 ‘n onafhanklike Koninkryk, in 1871 word dit deel van die Duitse ryk en in 1949 word Oberammergau ingelyf by die Federale Republiek van Duitsland. Dit is ‘n klein dorpie wat omring word deur die Beierse Alpe en het slegs 5 000 inwoners. Die dorpie is bekend vir twee dinge: Die pragtige kleurvolle mure van die inwoners met godsdienstige temas en sprokiesverhale en die blombakke wat aan die mure van die huise hang. Oberammergau is baie bekend vir die houtsneewerk wat nog, soos in die ou dae, met ‘n hamer en beitel gekap word.





*Die dorpie in somer & winter, die teater buite, muur met klere, die teater binne en die passiespel.*




In 1633 breek die 30-jarige oorlog tussen Katolieke en Christene in Duitsland uit en versprei na Oostenryk en Spanje. Bloeddorstige soldate het die klein dorpies geplunder, huise afgebrand en mense gemartel. Groot hongersnood het ontstaan. In dieselfde tyd het die Swartpes, ook bekend as die Blackdeath of builepes, in Europa uitgebreek en sowat 75- tot 200 miljoen mense het gesterf. Die virus was oorgedra deur vlooie op muise wat vanaf skepe Europa binnegekom het. Die pesvirus het by die matrose begin wat dan werk in kleiner dorpies gaan soek het en so het dit na die hele Europa versprei.



Kasper Schisler wat die swartpes (Blackdeath) onderlede gehad het en woonagtig in Oberammergau was, was verantwoordelik vir 84 mense se dood in Oberammergau. Die inwoners het besluit om ‘n eed/gelofte aan God af te lê om, as die dorpie gespaar word van die Swartpes, ‘n passiespele aan te bied wat die verhaal van Jesus se lyding, kruisiging en opstanding vertel.

Die eerste passiespele was in 1634 in die begraafplaas opgevoer en sedertdien word daar elke 10de jaar ‘n passiespele in die teater opgevoer. Slegs inwoners van Oberammergau word gebruik om aan die passiespele deel te neem. Die manne mag van die begin van die jaar nie hulle baard of hare sny nie. Die buitemure van die passiespelemuseum is ook versier met die kostuums wat die afgelope jare vir die passiespele gebruik was.



In die middel van die teater word daar verskeie taferele uitgebeeld met verskillende gebeure uit die ou Testament wat na Jesus verwys.

Van die tonele wat opgevoer word, is Jesus se intog in Jerusalem met die palmtakke – Palmsondag, die laaste avondmaal waar Jesus gevange geneem word, Pilatus wat probeer om Jesus vry te laat, die doringkroon, Jesus wat self die kruis dra, die kruisiging op Golgota – Goeie Vrydag, en waar Jesus sterf en begrawe word, die engele wat aan 3 vrouens by die leë graf verskyn en dan waarvoor ons vandag leef – DIE OPSTANDING.






Die passiespele sluit af met lofprysing nadat die Groot Boodskap oorgedra is – JESUS LEEF!

- Cecile Burger, spreker by Jasmyntak

**SOP-EN-SJERRIE (… EN CELEBRITIES")**

## KEMPTONPARK

Om die winterkoue te verdryf en natuurlik 'n paar dollars in ons takkas te kry, is 'n gesellige, geslaagde Sop-en-Sjerrie-kuier aangebied. Die tenoor, Chris Coetzer, geborg deur AVBOB, vermaak die gaste met sy sprankelende verhoogpersoonlikheid en veelsydige sangrepertoire - van opera, geestelike liedere soos "Jerusalem" tot FAK Volksang waar die gaste vrolik saamgesing het.



*Links:* Kate du Randt

Heel buitengewoon, was die SATV-draaiboekskrywer, Kate du Randt (Williams) aan die woord. Sy het al meer as 1 500 episodes vir die TV-sepies geskryf, o.a. Binnelanders en 7e Laan. Dit was 'n openbaring om van hul werkswyses te leer.

Wie weet … dalkies in die toekoms iewers bemark sy nog die VLU in een van die sepies. Ons onthou nog Matrone van 7e Laan wat 'n "Vonkelvrou" was. Kempton Park was só geseënd dat Kate du Randt gratis opgetreë het as 'n guns vir Marina Bessinger. Die rede vir die guns - dis 'n geheim...!

- Marina Bessinger, Skakelbeampte



*Regs:* *Chris Coetzer & Marina Bessinger*

# 4 LANG MAER VINGERS.

Vier lang maer wit vingers
en 'n duim
rus op die bruin armleuning
lê half willoos
net daar, hou nie vas nie
maar wil nog….
vashou aan die lewe
Hoekom? Waarom?
Nog diensbaar wees…
Al kan die liggaam nie
meer rêrig diens doen nie,
dien die finansies
'n groot onuitputlike diens.
Hoe werk die lewe?
Hoe werk die dood?
"Eer jou vader en jou moeder
en jou dae sal verleng word…"
Hoeveel dae het jy….
Het jy 'n aandeel in jou
aantal dae …
Eet nie vet nie
eet nie suiker nie
drink nie (oormaat) drank nie
rook nie, vloek nie,
word nie kwaad nie
gelykmatige lewe
besadig, stil, stemmig…
Is dit 'n keuse?
Is dit 'n gegewe?
Is dit 'n gawe?
Is dit 'n geaardheid?
Is dit in die gene?
Wie weet wat …
Alles is maar raaisels
bespiegelinge
"soos deur 'n spieël
in 'n raaisel kyk…"
Kyk sonder om te sien
te staar …
na wie weet waar …
na waar ons hulp
vandaan sal kom
Van HOM
Psalm 7 … " Hulp kom net
van die Here af …"
Soms stuur Hy mense
met visie … en brood
hul vul die spense …
en gedeeltelik, jou wense
maar die hart se wense
is ongekend …
ons maak dit nie bekend nie,
want ons weet nie meer
wat regtig saak maak nie …
'n leegheid vul jou wese
en dit is ook goed só,
vul jou dan met
dinge van Bo
bo ons begrip
bo ons verstand
leef ons uit die Vader hand.
Amen

Geskryf deur Marina Bessinger
Skakelbeampte, Kemptonparktak

## KEMPTONPARK

Lees die proses vanaf Avantétak se boom-embleem tot by Kemptonparktak se embleem vir die storie:




Hester Faber & Avantétaklede versamel koeldrankproppies (in die groen sakke). Tussen Diana Keulder (Overvaal-skakelbeampte) en Marina Bessinger (Kemptonpark-skakelbeampte) het 'n diensleweringsketting ontstaan. Dit werk so: Marina se seun, Benno, in Pretoria gaan haal die proppies in Pretoria-Noord en neem dit na Midstream waar Johesta Smith dit ontvang, vir haar sus Lulu Pieterse in Kemptonpark gee. Lulu en Marlene Huysers neem die proppies na Zuurfontein Ned. Hervormde kerk wat die ketting voltooi en dit gaan ingee vir 'n rolstoel.

---

**SLAAPAPNEE**

William Shakespeare (in "Hamlet") se vraag "To be or not to be, that is the question" is steeds relevant.

Om te snork of nie te snork nie… dit is 'n lewensbelangrike vraag. My man het nóóit gesnork as hy slaap nie - nie in die nag of met 'n middagslapie nie. Tog was hy dikwels bedags moeg en het soms tot vier keer so 'n oopmondslapie gevang.

Toe ek dit vir 'n dame van só 82 jaar vertel, sê sy dit is SLAAPAPNEE. Die kardioloog het my man se hart getoets en nie 'n probleem gevind nie maar met 'n laggie sê hy: "Die ou tannie kan reg wees." My man is in 'n kliniek opgeneem en twee nagte getoets vir slaapapnee.

Hy het tot 40 keer in een uur ophou asemhaal, soms tot een minuut en 39 sekondes lank op 'n keer.

Hy moes dadelik met de CPAP-masjien oor sy neus en mond begin slaap. Die "juffrou" in my het op YouTube alles oor slaapapnee nagevors. Die skuinste van die kussings, slaap op die linkersy, geen kalmeerpilletjie nie, selfs nie een glas wyn na 19:00 nie. Die CPAP-apparaat stuur elke oggend 'n boodskap per radiosein van waar ookal na Pretoria waar die slaapkliniek is. Elke week daarna kry hy 'n verslag van die aantal apnees per uur wat hy elke nag gehad het - nogal met 'n grafiek in kleur. Na 'n tyd het sy slaapapnees al minder geword. Na 'n jaar se gereelde slaap met die CPAP-apparaat het dit gedaal na 1.0 per uur en later nog af tot 0.1 per uur.



Wanneer die liggaam nie genoeg suurstof dag of nag inneem nie, versaak die organe. Só, ASSEBLIEF VERTEL AAN ALMAL … dit is nie net mans en dames wat snork wat **slaapapnee** kan hê nie. Laat jou lei deur die persoon se wakkerweestyd en fisiese aktiwiteite. Help ander om hul lewenskwaliteit reg te bestuur. Ons Overvaal-president se leuse is, kom ons bemagtig kinders, maar kom ons BEMAGTIG sommer ook ons medemens.

- Marina Bessinger, Skakelbeampte



If you like your cup of coffee to get you going in the morning, you won't like what might be coming soon: by 2050 researchers predict half of the land on which coffee is grown will be unable to grow coffee due to increasing temperatures.

**The Problem With Your Morning Coffee**

While drinking coffee does wonders for our productivity and energy, the growth and consumption of coffee has three primary ways in which it contributes to environmental damage:

- Coffee plantations deforest large areas of land to maximize sun exposure for coffee plants.
- Coffee plantations demand a massive amount of water to produce coffee. It takes 140 litres of water to produce one cup of coffee.
- The consumption of coffee around the world leads to billions of plastic coffee cups being thrown away each year that end up polluting landfills and contribute to our plastic problem.

**Drink Away Climate Change**

The good news is that you can turn your consumption into part of the solution by

◊ Choosing to buy sustainably sourced coffee that is Rainforest Alliance certified

◊ Bird Friendly certified or using a **reusable coffee cup** are a few great cost effective options that help fight climate change.

- EarthUP

## CARPE DIEM



*Links: Jeanie Boshoff van die Heidelbergtak het 'n demonstrasie gelewer en verduidelik hoe loodglasverfwerk op leë koffiebottels gedoen moet word.*

- Sy verduidelik dat jy 'n plastiese bottel gevul met water onder jou arm moet plaas om jou hand stabiel te hou wanneer jy op 'n bottel verf.
- Die bottel moet eers mooi met alkohol aan die buitekant skoongemaak word voor daar met die pen en verfwerk begin word.
- Die loodglaspen word gebruik om die raam van die blom of vorm te trek en moet netjies afgewerk word.
- Indien jy met die pen of verf foute maak, kan die lyne en verf met 'n skerp kunsmes netjies skoongemaak en afgewerk word.
- Plaas gekleurde papier in die bottel om beter te sien wanneer jy verf met die glasverf. Daar moet eers gewag word dat die verf droog word voordat daar nog 'n laag geverf kan word.
- Hou die bottel plat sodat die verf nie afloop nie.



Die tak se **Jaarprogram:** daar gaan ongelooflik baie werk in die jaarlikse samestelling daarvan met baie inligting oor vele aspekte van die VLU asook die werksaamhede van die jaar.

*Linda Botha verras lede met 'n vinnige vasvra daaroor. Uitgevang is diegene wat dit nie regtig bestudeer het nie!*

Die **lugbraaier** (airfryer) - die nuutste toevoeging tot handige kombuistoerusting waaroor almal praat! Elaine Potgieter van Midstreamtak het met haar sprankelende persoonlikheid 'n demonstrasie gelewer vir dié wat dalk nog twyfel aan sy plek. *(Sien ook p51 - Red)*




*Louise Fourie wen die lugbraaier-tydskrif wat Elaine Potgieter geskenk het*

### TAGTIG EN PRAGTIG

Op 15 Julie het Joyce Enslin 80 jaar oud geword. Sy was een van Carpe Diem, Springs se stigterslede en die heel eerste voorsitter. (Carpe Diem was Februarie 2023 39 jaar oud.)






**NUWE LEDE** word sommer dadelik ingespan en Tina Botha vertel van haar persoonlike pad met swak gesondheid. Sy het vertel dat sy na baie navorsing besluit het om Herbalife aanvullings te gebruik. Haar gesondheid het intussen baie verbeter en sy het ook baie gewig verloor deur die regte aanvullings te gebruik. Pas jou gesondheid op - dit is die deel wat jy kan doen.



Sy het ook van Herbalife se heerlike versnaperinge voorgesit waaraan almal heerlik geproe het. Haar dogter, Jasmin het haar oorlede pa se liedjie, Ordinary Miracle, vir ons gesing.

- Ericha Bezuidenhout, Skakelbeampte

### *In Memoriam* — MYRA SMIT

Myra was 'n formidabele vrou wat vir die afgelope 14 jaar soveel seën en inspirasie in Brakpantak gesaai het. Haar lewensreis was beslis nie een sonder seer of smart nie, maar sy het nooit toegelaat dat dit die mens wat sy is verander nie.

Haar hande het vir niks verkeerd gestaan nie en sy was altyd bereid om te help ongeag die werkslas. Wanneer jou gemoed swaar begin voel was Myra gereed met 'n bemoedigende woord of geestelike leiding. Die positiewe manier waarop sy haar lewe geleef het was 'n inspirasie vir enige vrou.



Met trots het sy aan kompetisies deelgeneem en haar breiwerk het gereeld pryse gewen. Wanneer daar werkswinkels was het Myra ywerig deelgeneem en altyd laat hoor "Mens is nooit te oud om te leer nie."

Myra se plek in Brakpan is leeg en sy gaan gemis word.

- Alet Neveling, Skakelbeampte, **Brakpantak**

## NIGEL

**POTJIEKOSKOMPETISIE** om fondse in te samel vir Villa Liberi Kinderhuis. Daar was 10 deelnemerinstansies.



*<u>Bo:</u> Hettie Botha & haar man Rassie wat die stalletjie geborg het*



*<u>Bo:</u> Marcel Bonefé - gasvrou*



*<u>Bo:</u> Annatjie vd Merwe en manlief Lukas*





*<u>Links:</u> Rina Murphy en beoordelaar Mabel van Staaden*

*<u>Links:</u> 'n Derde plek vir die potjie. Met die heerlike vars brood en 'n "jaffle" was dit 'n wenner.*



*<u>Regs:</u> Elsa Greyling, 'n gasvrou, met die takjaarboek as deel van bemarking van die VLU-tak.*

## BRAKPAN

Our member, Magda Kotze recently received a medal for 40 years of service in the SAPS.

"My career started in school when we were instructed to write a letter to the organisation we might want to work for to ask which qualifications we will need. Even then I was already called to the field of crime fighting and investigation," Kotze said.

Throughout the years Kotze has received many medals and faced many ups and downs. She has lost friends and colleagues, as well as her husband, who passed away in 2021.

Out of this marriage, three boys were born.

Kotze has worked across almost the whole of Gauteng except for Brakpan but has been living here since 1995.

She is a member of Just Wheels Motor Club and the Brakpan Women's Agricultural Union (WAU). At one point in her career, Kotze also acted as a prosecutor but was promoted in the SAPS and left the job.

In 1993 Kotze attended a financial management course in Pretoria and was appointed as financial officer for the Kempton Park District.

It was at this time that Kotze relocated to Gauteng, and she worked all over. The 40-year medal Kotze received was awarded by President Cyril Ramaphosa, for a clean record and 40 years of quality service in the police.

Other medals Kotze has received over the years are:


- SAPS 75th anniversary commemorative in 1988
- SAPS medal for faithful service, 10 years in 1993, again in 1998
- Amalgamation medal in 1995
- SAPS star for faithful service, 20 years, in 2003
- SAPS 10-year commemoration medal for 1995 to 2005
- FIFA Soccer World Cup support medal for 2010 in 2012
- SAPS loyal service medal, 30 years, in 2013
- 1913-2013 centenary medal in 2013

- Alet Neveling, Skakelbeampte,



*<u>Regs:</u> Magda Kotze tydens die seremonie.*

# STREEKNUUS / REGIONAL NEWS - GOUE SUIDE



Groot was die eer vir die VLU toe 'n suksesvolle gholfdag by die welbekende Maccauvlei Gholfbaan in Vereeniging aangebied is. Gestig in 1926 en gelys as een van die wêreld se top-100-bane en met sy mooi groen bane en rustige atmosfeer, was dit die ideale trekpleister vir enige gholfspeler.

Vroegoggend, op die winderige Augustus-oggend kom die streek se lede by die baan bymekaar vir 'n welbeplande gholfdag. Na die voorafgaande baie werk, smeek, bedel, donasies, skenkings, sweet en deeglike voorbereiding slaan die dag af, veel beter as 'n "hole in one".

Die putjies word oral deur ons eie VLU-lede beman, getooi in blou denims, wit bloesies, genaam en gehoed, met kamera in die hand en verversingspakkies vir elke speler. Met 16 x 4-balle en putjies wat vele hoogtepunte opgelewer het, het dit ook grootliks bygedra tot die totale inkomste van die dag. Wind en weer het geen demper geplaas op die mans - en vrouespelers wat ewe entoesiasties met mekaar meegeding het nie.



Na vele goeie houe, goeie sportmangees en baie foto's word die dag afgesluit met 'n veiling, prysuitdeling en aandete in die klubhuis. Hier loop die gees veral hoog en waar sportmemorabilia, vakansieakkommodasie asook 2 skape (deur plaaslike boere van die Vereeniging-omgewing geskenk) deur Pro Fans se bekwame mense opgeveil is. Die hoogtepunt van die aand was toe die "kruiwa vol drank" se lootjiewenner dit weer teruggeskenk het en dit dus vir 'n tweede keer geld kon oplewer deur daarop te bie.

'n Heerlike ete en saamkuier sluit die uiters suksesvolle dag af waarna almal uitgeput maar gelukkig en tevrede huiswaarts keer.




'n Skenking van 10% van die opbrengs is aan CANSA geskenk asook 'n skenking aan Eureka Skool vir Gestremde Kinders.

- Hannetjie Nolte, Streekskakelbeampte

CANSA
CANCER ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA

*Links:* *Elize Coetzee, streekvoorsitter, oorhandig 'n skenking aan Santie Sauerman van die Eureka Skool vir Gestremde Kinders.*

*Hierdie kruiwa op die foto was 'n ware gelukbringer vir die streek. Lootjies is verkoop en toe skenk die wenner dit terug om opgeveil te word.*

## NAGUILE

Lede en hulle gesinne hou 'n lekker braaidag en saamkuier. Vroeg-vroeg is die vure al aan gesteek en omdat die meeste dames weduwees is, moes die paar beskikbare mans instaan as braaiers van almal se vleis. Lekker braaibroodjies (resepte op p52) is gemaak en het deel gevorm van 'n heerlike middagete tydens ons kuier en samesyn.

- Elize Coetzee, Tesourier



*Bo:* *Christa Nell en Carien Swanepoel kuier lekker saam*



*Bo:* *Streekvoorsitter, Elize Coetzee en ook lid van die tak, se man Pieter braai vir die dames*

## GOEIE HOOP

Omdat ons 'n plaastak is probeer ons altyd saam met die manne werk waar hulle skoue of veilings hou en gryp die geleentheid aan om dan fondse vir die tak te in. Dus was "Klipkraal Demo Dag" die ideale geleentheid om ons vroueslag te wys. Met goeie oordeel kies ons 'n staanplek vir ons kosstalletjie - so by die deurloop waar die manne hul droë kele gaan nat maak!

Met geurige kerrie en rys, asook lekker ribburgers trotseer ons die erge winde oor die mielielande en maak 'n redelike wins.




*Onder:* Bets Grobler, Lita Venter, Lizette Pretorius, Lorraine Prinsloo & Marie Rosslee



*Onder:* Voor: Belinda Bezuidenhout, Marie Rosslee & Lita Venter
Agter: Lorraine Prinsloo, Bets Grobler, Jackie Prinsloo & Lizette Pretorius



*Regs:* Voor: Margaret Strauss, Leoni Jacobs, Elize van Biljon, Lita Venter & Lorraine Prinsloo
Agter: Lydia Rice, Elvira Joubert, Marie Rosslee, Elize Coetzee, Mari Botha, Lizette Pretorius, Bets Grobler & Sanet Oberholzer

- Lizette Pretorius, Skakelbeampte

### IT's NOT INSIDE, IT's ON TOP

Meeste van die ouer garde sal nog die bogenoemde advertensielyn van Jan Spies onthou ...

Belinda Bezuidenhout besoek ons tak vir 'n geselsie met die dames. Sy sê in vandag se lewe word daar van die vrou verwag om te kan "perform". Ook herinner sy ons dat Jesaja gesê het, nl. "die vrou is 'n hulp vir die man" - nie sy slaaf nie. Belinda sê elke vrou moet haar eie identiteit soek en haarself afvra "WIE IS EK" en dit kom dan neer op "It's not inside, it's on top".

Toe Adam en Eva in die tuin geloop het was hul naak en ontbloot. Daar val Eva vir die slang se slenter want sy dink sy is nie genoeg nie en kies toe die Boom van Kennis van Goed en Kwaad bo die Boom van die Lewe. Sy maak die keuse omdat sy meer wou wees en skielik het sy nie so gevoel nie. Jesus het ons kom regverdig en gee vir ons die Boom van die Lewe.

Belinda herinner ons ook dat as jy 11 keer iets afbrekend van jouself gehoor het, word dit 'n vesting in jou wat afgebreek moet word. Sy stel voor dat jy vir jouself in die spieël kyk en aanhou kyk totdat jy die mooi in jouself raaksien. Ons is almal uniek deur God geskape en hy is lief vir ons net soos wat ons is. Ook net Hy weet wie jy werklik is.

Belinda se geselsie het goed aangesluit by Elvira Joubert van Crowned International se geleentheid kort hierna.

**PRAGTIGE VROU, JY IS WAARDIG, JY IS GELIEFD EN JY IS 'N KONINGSDOGTER, UITVERKORE, UITGESONDER EN VRYGEKOOP.**

Hierdie is Elvira Joubert se boodskap aan elke vrou. Sy het vir elk van die dames 'n spesiale en afsonderlike boodskap gebring voor sy die dame as Koningsdogter van die Allerhoogste gekroon het. Die kroningsplegtigheid is 'n geleentheid waar vroue se seerkry weer heel gemaak word.

Elvira se doel met die kroningsplegtigheid is dat elke vrou sal besef dat sy geseënd, heel, vernuwe, gewaardeerd, geliefd en waardevol is. Jy is gemaak vir meer en is God se geliefde.

Sy het elke vrou na vore geroep, met elkeen gesels en met elkeen 'n spesiale boodskap gedeel. Elke dame se naambetekenis is ook aan haar verduidelik, waarna 'n swaar kroon wat net soos die ware Jakob voel, op haar kop geplaas is as deel van die kroningsplegtigheid.

Wat 'n uitsonderlike belewenis wat ek self nog nooit ervaar het nie. Almal was in trane (foto's kan dit staaf) en ek gee jul die versekering, almal het soos Koningsdogters gevoel.

Soos die Engelse sal sê "Not a dry eye in the house"!



**VROUE IN DIE KERK** deur Ds Willem Sauer

"Wie is die toonaangewende vroue in die kerk? Is dit enkele vroue wat buitengewone dinge doen, of die vrouepredikante, of bekendes waarvan almal weet? Of is dit die "gewone" vroue wat Sondag vir Sondag in die kerk sit, die vroue wat opoffer ter wille van hul gesinne?

Daar is 'n liedjie genaamd "She" van Charles Aznavour, op sy album "A Tapestry of Dreams".

Die lied vertel die verhaal van 'n besondere vrou wat die minnesanger se lewe vir altyd verander. Sy is nie 'n supervrou of glanspersoon nie, nee, sy is 'n gewone vrou en tog uniek en spesiaal. Hy vertel dat sy die een is wie se gesig hy nooit sal vergeet nie, 'n gesig wat vertel van oomblikke van plesier en oomblikke van verwyt. Hy sê sy is die grootste skat wat hy ontdek het, of dalk, vra hy, dalk die prys wat hy moet betaal? Sy is vir hom die lied wat die somer sing, maar sy is ook die koue wat die herfs bring. Ja, sy is die honderd verskillende dinge wat een enkele dag kan bring. Sy is die skoonlief of dalk die ondier, sy is die hongersnood of die fees, sy kan enige dag in die hemel of die hel verander. Sy is die spieëlbeeld in sy droom, 'n glimlag gereflekteer in 'n waterstroom.

En tog is sy nie wat jy dink sy is nie, want jy kan nie sien wat diep in haar gedagtes en gemoed aangaan nie. Al lyk sy so gelukkig tussen ander, laat sy nie toe dat iemand haar sien as sy huil nie. Dalk, sê hy, is sy die liefde wat hy weet hy dalk nie kan behou nie, liefde wat kom uit die skadu's van die verlede, maar liefde wat hy sal onthou totdat hy sterf.

Ja, sy is die vrou waaroor hierdie artikel gaan. Gewone vrou en tog supervrou, unieke vrou, vrou wat die wêreld kan verander. Digters en sangers besing die vrou en tog kan die vrou nie in woorde, of selfs met die kwas van 'n skilder of die beitel van 'n beeldhouer, vasgevat word nie. Want vroue, veral Christenvroue, is veel meer as wat woorde kan beskryf.

Ek het een oggend op die kansel gestaan en oor die gemeente gekyk en besef dat die toonaangewende vroue in die kerk nie net vrouepredikante is nie, maar die vroue wat Sondag vir Sondag in die kerk sit, die vroue wat opoffer ter wille van hul gesinne. Die ma's en oumas, sussies en dogters - hulle is die ware groot vroue, die toonaangewende vroue in die kerk.

Selfs hier by ons is dit baie maal die ma of ouma wat die kinders van die Here leer. Jaarliks wanneer ek nuwe jong lidmate vra by wie hulle die meeste in verband met hul geloof en die Bybel geleer het, bevestig hulle dat dit Mamma of Ouma was wat die grootste invloed gehad het. Dit was meestal Mamma of Ouma wat Bybel gelees het en hulle geleer het om te vertrou, te glo en te bid.

Ja, die groot vroue, die invloedryke vroue, die vroue wat die groot verskil maak, is juis gewone ma's en oumas, gewone vroue wat buitengewone dinge doen. Soos die ma's wat in die middel van die nag opstaan en gaan sit by 'n kind met koors. Die ma's wat boetie of sussie se trane afdroog na 'n liefdesteleurstelling, die ma's wat deur die nag bid vir 'n kind wat verdwaal geraak het. Dit is dieselfde ma's en vroue wat by die kerk voorvat en dinge laat gebeur. Dieselfde vroue wat ook by die kerk 'n verskil maak. Daarom kan ons nooit die een of ander enkele vrou uitsonder as voorbeeld van voortreflikheid nie. Nee, dit is gewone vroue wat die grootste verskil maak.

In een van die gemeentes was daar 'n paar vroue wat by elke begrafnis tee geskink het. Ek het hulle eendag gesit en dophou. Ek het in hul die liefde en deernis gesien wat ek glo God by ons as sy kinders wil hê. Daardie dag het ek besef dat dié vrou God se vroue, die invloedrykste mense in Sy kerk is.

Ek het gedink aan enkelma's wat alles opgeoffer het vir hul kinders. Aan die ma wat toe haar seun met die gereg gebots het, hom elke dag getrou in die selle besoek het. Aan die ma wat haar gestremde kind met soveel liefde versorg. So kan ek aanhou en aanhou, want in my amper drie dekades as predikant was dit ook feitlik altyd die vroue-kerkraadslede wat die getrouste hul werk gedoen het. Daarom bring ek hulde aan elke vrou, geheimsinnig, sterk en ook 'n voorloper.

Mag die Here elkeen van die supervroue wat aan Hom behoort met sy liefde en genade seën"

(Ds Willem Sauer is redakteur van Die Hervormer en leraar in Gemeente Waterberg)




*Na aanleiding van "So onthou ek my ouma" plaas ek graag die volgende raakgeleesde stukkie*:

" 'n Ouma is 'n tannie wat te oud is om self kinders te hê daarom het sy ander mense se kinders lief.

'n Ouma is baie slim. Wanneer jy saam met haar gaan stap, noem sy jou die naam van elke blom, boom of voëltjie. Maar sy is darem nie té slim nie want sy ken nie al die karre en motorfietse se name nie.

'n Ouma kan baie lank stilsit, vernaamlik in die kerk, want sy sit dan op haar lekker sagte vet.

'n Ouma ken ook al die liede wat hul sing sommer so uit haar kop uit.

'n Ouma dra 'n bril en snaakse onderklere en kan haar tande en tandvleise uithaal.

'n Ouma lag altyd vir jou grappe en raas nooit nie.

Almal moet tog probeer om 'n ouma te hê, want sy het baie tyd om met kinders te speel.

'n Ouma dink ook nie 'n kind moet pak slae kry nie.

As jy huil moet jy baie hard huil, want dan troos 'n ouma en gee vir jou lekkers en partymaal betaal sy jou ook vir jou trane.

Mens verstaan nie altyd oumas nie, want wanneer sy siek voel huil sy maar sê nee, sy het nie pyn nie. Lyk my oumas kan jok ook.

Maar ek glo haar wanneer sy sê ek is die oulikste en mooiste in die hele wêreld.

O ja! Oupas is mans-Oumas"

- Skrywer onbekend

- Hannetjie Nolte, Skakelbeampte, Brackenhursttak

## RENSBURG

### SPANWERK, BEREIDWILLIGHEID EN DEURSETTINGSVERMOË

Altyd besig en aan die gang onder leiding van voorsitter, Marty Jerling, vorm ons ‘n gewigtige span wat poog om so veel moontlik projekte suksesvol te beman en af te handel. Ons het 83 bottels gevul met sopmengsels en aan Helpende Hand oorhandig, 30 pakke vir “Hef ‘n Kind op”-projek geskenk en dra ook nog gereeld sanitêre doekies en toiletware by wat aan NG Kerk Rensburg gegee word.

Ons lede is aktief by elke fondsinsamelingsprojek soos die Kleiduif-skietdag en het putjies beman tydens die Maccauvlei Gholfdag. Ons sit ook nie terug met spesiale geleenthede nie, want 17 taklede het die kongres te Meulstroom bygewoon! *(’n Moontlike rekord? - Red).* Babsie Knoesen het die tweede prys vir haar gebreide laslappiekombers gekry en ons was daar om die spesiale eer met haar te beleef.

- Elmarie Eygelaar, Skakelbeampte



*Marty & Babsie met die kombers en haar prys*



*Voor: Yolanda Klingbiel, Jeraldine Janck & Louise Verdonck Agter: Joanie Geldenhuys, Elmarie Eygelaar en Marty Jerling by Kongres te Meulstroom se Oscar-aand*

*Regs: Die bottels word met die sopmengsel gevul.*



---

**SMILE …**

Well done on reaching the end of ...

Most of us don’t really know what we’re doing until we’ve done it.

We look back at our life-timeline through a broken lens. We package memories of our successes in tissue-paper and store them with care. From time to time we open that box, look at the pictures, remember the good old days, and pack them away.

In contrast our failures keep coming back as if on a merry-go-round. The more embarrassing they are the sooner they return.

If we were computers, our Activity Monitor would reflect a constant hum of bad thoughts. When times feel tougher, when money is tighter, the hum builds to a whine.

Why is that?

Why do our failures demand such constant re-hashing? Heck, most are not failures. Mistakes, maybe. But our mistakes are often the stuff of other people’s dreams. We measure ourselves against some weird mental vision of perfection. Hey, it’s all in our head.


More to the point, why do we invest so much time re-hashing negative thoughts?

**I have started to change some things:**

Starting each morning investing some time to set out my day and clear my head seems a good approach to life. I am happy I found such an approach.

And I started to smile more. Especially at myself. Life is too short to do anything else. This came from great advice from “The Smile Prescription” by Rich Castellano.

My wife tells me the only people in Norway who smile at strangers are on a mental hospital day pass. Since starting to smile at grumpy Vikings I find many smile back. Some even talk. In Norway they call this *public speaking*. They are as scared of it as you are of going on-stage.




Not yet inspired enough to start balancing or smiling? Uplift common sense to expand your point of view of life.

The joy of life is in our interpretations of what’s going on around us. Nothing else is real. So it doesn't matter.

- Peter Curruthers

## VISARENDE

### DENEYSVILLE KASTEEL – “CASTLE MARINA”






Die kasteel is  in 1963 deur ’n Engelsman, Lord Alfred Sumner gebou. Deneysville is vernoem na Deneys Reitz, Minister van Lande ten tyde die bou van die Vaaldam in 1930.

Lord Alfred Sumner was so beïndruk met die rustigheid en kalmte van Deneysville en die uitgestrekte Vaaldam dat hy die kasteel laat bou het. Hy was geïnspireer deur sy land van herkoms, Engeland met sy pragtige kastele.

Die kasteel is ontwerp as ’n unieke restaurant wat 400 mense binne en buite op die dak kon akkommodeer. Op die dak was daar ’n biertuin wat ’n baie mooi uitsig oor die Vaaldam gehad het. Dit het ook ’n uitsonderlike versameling van Middeleeuse wapens en skilde gehuisves en 16 mm-filmvertonings het baie mense voor 1985 van heinde en ver gelok. Die etes by die restaurant was uit die boonste rakke. Maar toe ontstaan daar ‘n brand en die storie lui dat die aand voordat die Kasteel gebrand het, ’n onderonsie tussen die bestuurder en ’n jong besoeker ontstaan het en die besoeker is uitgegooi. Daar word gesê dat die vuur wat die volgende dag ontstaan het, deur die besoeker veroorsaak is maar niks kon bewys word nie. Die vuur het die kasteel baie beskadig, dit in onbruik laat verval en is verlate en geplunder gelaat en gerugte van spoke het ontstaan.

Die eienaar van die kasteel is in Oktober 2013 oorlede maar sedert 2019 is daar nuwe lewe in en om die kasteel en tans is dit herstel, omhein en die terrein is versorg.

“Castle Marina” staan weer uit as ’n bekende landmerk in Deneysville.

- Janet Cilliers, Skakelbeampte



*<u>Regs:</u> Dit is die venue vir 2024 se konferensie wat die tak moet aanbied. Lede het dit besoek  om die geskiktheid te ondersoek.*
*Voor: Hannetjie Goosen, Cecile vd Walt, Susan J v Rensburg, Magda Smith, Gerda Henning & Almien Mahne*
*Agter: Emsie Klopper, Hilda Lotter, René Bredenhann, Janet Cilliers & Lalie Coetzee*

## BRACKENHURST

### GIFT OF THE GIVERS

Isabel Nienaber van Gift of the Givers vertel kortliks oor haarself, haar passie en haar ervaringe in hierdie besondere werk. Sy kom van Viljoenskroon in die Noord-Vrystaat af en haar lewensdroom het vanjaar in Februarie waar geword toe sy saam met Gift of the Givers as een van die paramedici vir 10-dae in Turkye na die verwoestende aardbewing kon gaan hulp verleen. Haar passie, omgee, opleiding, werksondervinding en kennis en talle toekennings, het haar by uitstek die ideale kandidaat vir hierdie groot taak gemaak.

Isabel deel van hul wedervaringe tydens hul hulpverlening. Die aardbewing het net na 4:00 die oggend van 16 Februarie in Antakye (Turkye) plaasgevind. Dit het 7,8 op die Richterskaal geregistreer en het 80 sekondes geduur. Dit is moeilik om die presiese dodetal te bepaal omdat die mense toe geslaap het en hele gesinne en selfs families totaal uitgewis is.

Die Suid-Afrikaanse span het bestaan uit 43 lede waaronder 2 ortopediste, ‘n narkotiseur, 5 polisiehonde van die K9-afdeling met hul hanteerders en hoogs gekwalifiseerde noodhelpers wat onverpoos saam met 88 wêreldspanne gewerk het om na oorlewendes te soek. Een van die hartroerendste stories tydens die gebeure is toe ‘n tweemaande-oue baba lewend onder die puin gevind is, 128 uur *(meer as 5 dae)* na die aardbewing. Die baba is ‘n maand later met haar ernstige beseerde mamma in die hospitaal herenig. Al die kinders wat lewend gevind is, was onder hul mammas gevind wat hul kinders met hul eie liggame beskerm het. Ook‘n 90-jaaroue vrou is na 7 dae onder bourommel uitgehaal nadat een van die K9-honde, genaamd “Donna”, aangedui het dat daar tekens van lewe tussen die puin was.

Die Suid-Afrikaanse polisiehonde van K9 is die enigste honde wat kan onderskei tussen lewe en dood in die puin en rommel en word dus wêreldwyd hoog aangeskryf. Wanneer ‘n mens na die tonele van die rommel kyk raak dit jou siel, want baie van die geboue kon nie eens deursoek word nie weens die gevaar van inmekaartuimel. By party geboue kan jy sien hoe die vloere op mekaar lê en enige oorlewing tussen die betonblokke of onder al die gewig is onmoontlik!

Die Suid-Afrikaanse span het saam met die ander noodwerkers van reg oor die wêreld tydens die opruiming en hulpverlening in Turkye, by ‘n sportstadion in tente geslaap .

- Hannetjie Nolte, Skakelbeampte




*Annamarie du Plooy, Isabel Nienaber en Brenda van Zyl*

## SUIKERBOS

Mnr Japie Coetzer vertel oor die **VOORDELE VAN GEDROOGDE GROENTE** wat hy in sy fabriek in Meyerton vervaardig. Hy was voorheen 'n ouditeur en het toe begin navorsing doen oor hoe om groente te droog en dit is nou sy passie.

- Dit neem 17 kg nat groente om 1 kg droë groente te kry.
- Die raklewe van gedroogde groente is baie lank en daar is nie 'n vervaldatum nie.
- Die gedroogde produk verloor minder as 1% van die vitamien C en die voedingswaarde is dieselfde as vir vars groente.



Daar word voordurend in sy fabriek toetse gedoen om seker te maak dat die produkte van hoogstaande kwaliteit is. 'n Interessante feit wat hy genoem het is dat "Sun Dried Tomatoes " nie in die son gedroog word nie, maar dit is in 1942 deur die Sun-maatskappy begin droog en van daar die naam. Daar word net hoëgraad groente gebruik om te droog en dit is baie lonend en maklik om die gedroogde groente te rehidreer en te kook.

Feitlik alle soorte groente kan gedroog word. Ons taklede het self die produkte gekook en die smaak is goed. Die pryse daarvan is baie goed en dit kan vir minderbevoorregtes gebruik word omdat dit nie in 'n yskas gebêre hoef te word nie. Dit voorkom ook baie vermorsing want jy gebruik net wat jy nodig het en dit word ook in baie restaurante gebruik.

- Linnette Badenhorst , Skakelbeampte



*Links: Die jongste 2 "lede" van Suikerbostak besig met die vleg van 'n klein mandjie met wol en 'n polistireenbekertjie. Ons maak hulle van kleins af lief vir die VLU en is regtig bly dat ons jong mammas in ons tak het want hulle liefde vir die VLU sal ons organisasie se voortbestaan verseker.*



*Regs: Die genomineerde sterre van die tak het die Aand by die Oscars by die kongres bygewoon en goed vertoon. Rina Uys, Corlien Randles, Marie Prins (visevoorsitter), Elize van Biljon (voorsitter) en Kayla Randles.*

---

## BRACKENHURST

### SEEPSAKKIE PROJEK

Ons jaarlike omgeeprojek was gemik op behoeftige afgetredenes om hulle te bederf met iets bruikbaar en voordelig en ons het op gehekelde en gebreide seepsakkies besluit. Baie van die ouer mense het nie meer volle gebruik van albei hande nie en kan voordeel trek uit die seepsakkies. Die sakkies huisves 'n koekie wit badseep wat knus binne in pas. Die lang toerygkoord aan elke sakkie laat die gebruiker toe om dit op te hang vir droog word tot weer benodig.



Die dames het ywerig gebrei en gehekel in die mooiste kleure en alle bietjieswol het toe ook 'n gebruik gekry met dié projek. Die mooiste kleurkombinasies het ontstaan en vele menseharte is verbly met die klein nuttige en unieke seepsakkie.

Meer as 70 seepsakkies tesame met 'n pakkie koekies is aan die verheugde inwoners van Silwerkroon Staatsouetehuis uitgedeel.

- Hannetjie Nolte, Skakelbeampte

# STREEKNUUS / REGIONAL NEWS - JAKARANDA

## MIDSTREAM



In die hartjie van die winter besoek Midstream-taklede Afrifungi in Orchards, Johannesburg. Daar is ons bekendgestel aan die wonderwêreld van sampioene (fungi).

Ná 'n begeleide toer deur die laboratorium en 'n deeglike praatjie oor fungi, is ons gewys hoe om ons eie emmers te vul (gebruik steriele hanskoene!) met klam hooi en mycelium geïnokuleerde medium. Die emmers is huis toe geneem en op 'n redelike warm area in die huis gehou sodat die mycelium kans kan kry om die hele emmer vol te groei.

Sodra die omstandighede gunstig is, blom die sampioen (Grey oyster mushroom) uit vooraf gemaakte gate in die emmer. Dit het groot opgewondenheid tussen die dames gewek want sommige se emmers het sommer al vroeg-vroeg begin blom, terwyl ander (soos ek) nog steeds geduldig wag...

Dit was 'n vreeslike insiggewende oggend wat vir seker aanbeveel kan word. Matthew Keulermans, die kontakpersoon, het vir ons VLU dames, die werkswinkel aangebied teen 'n onderhandelde prys.

Kontak Afrifungi by 082 360 3847 of e-pos info@afrifungi.earth

- Mariëtte Bester, Skakelbeampte



*Isabé Loubser, Elaine Potgieter, Sonja Swart, Mariëtte Bester, Lorraine van Staden (wat amper nie sigbaar is nie), Christa Kotze, Anina Wagner (besoeker), Werner Bester (besoeker), André Wagner (besoeker) en Matthew Keulemans, (Afrifungi).*



## *In Memoriam*

### RINA DE LANGE - † 31 Julie 2023




Ons het in Rina alles beleef waarvan ‘n VLU-tak maar kan hoop: lojaliteit, hulpvaardigheid, bereidwilligheid, vriendelikheid, sagte woorde en nog vele meer.


Vandat sy in Pretoria gekom en aangesluit het, het sy ingespring en meer as haar deel gedoen. Sy was die takskakelbeampte vir die afgelope twee jaar en dit het vir haar spanning veroorsaak want Facebook was vir haar ‘n nuutjie en min ander was kenners maar sy het nie opgegee nie. Sy was amper van dag een sameroeper van ‘n groepie – die Sonneblomme – wat take in die tak hanteer het. Vir die opedag wat Woensdag plaasgevind het, het sy die hele groep se 30 naaldeboekies gemaak en die oggend van haar siekte nog ekstra koekies help bak en die aand in die hospitaal was haar bekommernis nog die opedag... Sy het ook as hulp by die beoordeling van lede se artikels gehelp.

Gaan dit dan vreemd klink as ons sê daar is ‘n gat in die tak gelaat wat moeilik gevul gaan word? Haar sagte aanslag het almal geraak en ons gaan haar mis – baie mis!

Dankie Rina vir die mooi spore wat jy in ons tak getrap het!

- Magalieskruin VLU-vriendinne

## MAGALIESKRUIN



### VALERIE RIBBINK
### † 29 Julie 2023

Val was ‘n nuwe taklid sedert Januarie 2023 en was vroeër ook lid by die FWI en VLV-Kaap. Sy het baie goed by die tak aangepas en het dadelik ingespring en aan die werksaamhede en kompetisies begin deelneem. Sy het babamusse en kousies vir ‘n projek gebrei en ook ‘n hele 62 musse vir volwassenes. Sy het alle oorskietwolletjies opgehekel vir kombersies vir Wollies.

Ten spyte van chemoterapie (kanker het nie haar lewe ge-eis nie) het sy aangegaan en voluit gelewe. Haar skielike dood was ‘n geweldige skok en haar plekkie in die tak sal leeg bly - ook vir haar spesiale vriendin. Sy sal onthou word vir haar bereidwilligheid om waar moontlik te help, haar vriendelikeid en haar spontane uit-die-maaglaggie.

- Marie vd Merwe, VLU-vriendin

# MAGALIESKRUIN





**Vrolik en gehoed om die lente te vier!**

*<u>Links:</u> Selfs die spreker, Betsie Myburg van Anneline Retief en Ettiene Beneke Prokureurs het ingeval hierby en al is Trusts & Testamente nie die vrolikste onderwerp nie, het alles bygedra tot 'n feesdag en is Miemie van Rooyen (regs) tevrede met die reëlings van haar groep vir die dag.*

*<u>Regs:</u> Voeg nog daarby grapmaker Vera Richards se vrolikheid.*

*<u>Onder:</u> Deftig by die ontvangstafel is Miemie Matthée, Petra Neethling & Marianne Erwee.*

*<u>Regs onder:</u> Treffende tafelversiering*







# PRETORIA-NOORD

## VREUGDE IS… SEWE NUWE LEDE!



*Elzette de Lange*



*Helena Bezuidenhout*



*Marita Theron*



*Salomé van Heerden*



*Martie vd Linde*



*Sonja Labuschagné*



*Phyllis vd Merwe*

Dolina (LinshuangDong) Francine Bekker van VLU Pretoria-Noord, se "Aupair kind" het op 28 Augustus deelgeneem aan 'n Wiskunde Olimpiade van die Departement van Wetenskap en Tegnologie van Suid-Afrika en 'n Goue sertifikaat ontvang. Sy is net 7 jaar oud.




Op 7 Oktober het sy in Durbanville in Kaapstad deelgeneem aan die Nasionale kompetisie vir Aplus Abacus Mental Maths en 'n 1ste plek verower sowel as 'n Champion of Champions-trofee ontvang. Sy is ook verkies as lid van die Rising Stars en dit het haar 'n plek gegee in die PAMA-groep wat 'n geleentheid kon bied om deel te neem aan die Internasionale kompetisie in Indië in 2024. Ongelukkig is sy nog te jonk en was dus nie gekies vir die span wat oorsee gaan nie.



*'n Wit Olienhoutboom vir die terrein van die Hervormde Kerk, Theresapark.*

*Lede het met groot entoesiasme elkeen 'n grafie vol grond in die gat help gooi. "Vele hande maak ligte werk!"*











Die hoogtepunt van die jaar vir VLU Pretoria-Noord, was die bywoning van die jaarlikse Kongres te Meulstroom. Dertien dames van ons tak het dié glansgeleentheid bygewoon Sóveel pitkos ontvang, nuwe vriendinne gemaak, baie gelag, en ja... ook by geleentheid 'n traan of twee gepink. Barbara Nell en lede van die Uitvoerende Bestuur: Hartlik geluk met 'n uitstaande kongres! Ons sien uit na die volgende een!

*Voor: Wilma Brink, Elzette de Lange, Bokkie Pretorius, Georgie Louw, Hester Botha*

*Agter: Ronél Lubbe, Luisa Jacobs, Leonie Gilliland, Annette Bester, Rina Grobler, Luna Schoeman, Daleen van den Berg, Salome van Heerden*

- Ronél Lubbe, Skakelbeampte

## ELDORAIGNE

### DAMES MET GROEN VINGERS



WAT IS 'N TERRARIUM?

Dit is 'n geslote ekostelsel wat die tuin van buite na binne bring. Dit bring bietjie groenigheid in die huis in en word as versiering gebruik. Die miniatuurtuintjie is omring deur 'n vogtige omgewing binne 'n geseëlde glashouer. Vog verdamp uit die plantblare en grond, loop af teen die houer se kante en terug na die grond. Dit skep 'n voedende siklus wat vir baie jare gesond kan bly, afhangend van die kwaliteit van die seel en die hoeveelheid vog in die sisteem. Soos dit maar in die lewe gaan is te veel voggies nie goed nie en laat die tuintjie muf. Te min vog veroorsaak 'n droë affêre en dan vrek die plantjies. So, die voggies moet mooi in balans wees.

Wat het jy nodig?

- Glashouer wat goed kan seël. (ons het koffiehouers gebruik.)
- Potgrond
- Fyn sand
- Klippies
- Gebrande houtskool
- Mos
- Plante uit die tuin (fyn plantjies werk die beste)
- Versierings
- Skerppunttang of 'n lang tangetjie of eetstokkies (dit hang af van die grootte van die houer se opening.)

Om te verseker dat die plante se wortels nie in die water vrot nie moet daar goeie dreinering wees. Daarvoor moet jou terranium se bodem uit verskillende lae gebou word.

- Eerste laag: Klippies,
- Tweede laag: Gruis, katsand of riviersand
- Derde laag: Houtskool om water vars te hou
- Vierde laag: Potgrond as voedsel vir die plantjies, en
- Vyfde laag: Mos vir goeie grondbedekking en om vog vas te hou

**Die verskillende lae lyk nie net mooi nie, maar dit is ook prakties en laat goeie water dreinering toe.**

As jou grond lae mooi gebou is, kan jy begin met jou plantjies. Maak klein gaatjies vir die plante in die mos en grond en druk die plant wortels in die grond.

So gepraat van voggies. Water kan elke 2 of 3 maande gegee word, afhangend van die kwaliteit van die seël op jou houer. Wanneer jy agterkom dat die mos op die oppervlak uitdroog is dit tyd vir water. Om nat te maak, gebruik 'n spuit en spuit die water direk op die grond of die mos, nooit op die blare nie.

<u>Hoe lank hou 'n geslote terrarium?</u>

Met die regte seël, sorg, sonlig en water, kan die ekosisteem vir dosyne jare aaneen volgehou word. Die oudste bestaande terrarium is vir die laaste keer in 1972 oopgemaak. Die terranium behoort aan David Latimer wat al vir 60 jaar sy plant in 'n toe bottel aan die lewe hou.

VLU-dames, maak jou eie **terrarium** en geniet dit vir jare en jare!

- Jacqueline Greeff, Lid

## DE WILDT

**HOE OPGEWONDE IS JY OM 'N PHALAENOPSYS ORGIDEE TE ONTVANG?**

Persoonlik het my moed in my skoene gesak.

Gelukkig kon 'n voormalige lid van ons tak, Betsie van Schalkwyk, 'n plantliefhebber van formaat, wenke deel om eindelose plesier van jou orgidee te kry. Jou geskenk-orgidee moet ook mettertyd oorgeplant word.

VOORBEREIDING:

Koop 2 bakkies: 'n swart bakkie met vertikale openinge wat in 'n deurskynende bakkie pas. (West Pack).

Maak gaatjies onder in vir dreinering.

<u>Grondmengsel:</u>

Meng "Potting soil, Topping soil", kompos, vermukuliet (vermucolite) [dit hou vog], perkuliet [bevorder lugvloei] asook nat orgideebas [indien dit droog is plaas dit eers vir 24 uur in water].

Meng alles en voeg 'n handvol beenmeel by.


Hierdie mengsel (buiten die bas) is geskik vir die oorplanting van enige plant.


METODE:

1. Verwyder die plant en maak alles skoon – die wortels moet silwerskoon wees. Hou die wortels met jou hand vas en sny die onderste deel af. Die wortels moet wit wees. Sny die bruin wortels uit. Gesonde wortels moet groen wees. Grys wortels is 'n teken dat die plant besig is om dood te gaan.

   **Wenk:** Gooi pypkaneel op die gesnyde wortels – dit voorkom siektes.

   **Nota**: Onder die wortels in die gekoopte plantjie is 'n klein sponsie wat daar geplaas is sodat die plant in die winkel kan vog hou. Dis baie belangrik om hierdie sponsie af te sny anders sal die plant vrot.





2. Plaas die mengsel in die swart bakkie. Druk die grond mooi om die plant in en plaas in die wit bakkie.



VERSORGING:

Gee weekliks in die bakkie water – nooit op die plant se kroon nie.

Orgidee hou nie van nat voete en ook nie van koue nie. Trek saans die gordyne toe.

Jy kan jou orgidee jaarliks of tweejaarliks oorplant.

- Carlien Retief, Skakelbeampte

**HERNOEMING VAN STRAATNAME** (vervolg op Julie uitgawe)

Vyf vroue is hier ter sprake:

* Pretoriusstraat is hernoem na Helen Josephstraat (8.4.1905 Sussex Engeland – 25.2.1992) 87jr;

* Schoemanstraat na Frances Baardstraat (1.6.1909 Kimberley – 1997) 87jr;

* Van der Waltstraat na Lilian Ngoyi (25.9.1911 Pretoria – 13.3.1980) 69jr;

* Koningin Wilhelmina na Florence Ribeirostraat (3.11.1933 – 1997) 64jr.

* Walker/Charlesstraat na Sophie de Bruynstraat (1938 Villageboard) - enigste langslewende.



**HELEN JOSEPH** verwerf 'n graad in Engels aan die Universiteit van London in 1927. Sy gee onderwys in Indië vir 3 jaar en op pad terug na Engeland in 1930, stop sy in SA (Durban) en bly daar tot haar dood. Sy ontmoet en trou met 'n Joodse tandarts, Billie Joseph, 17 jaar haar senior.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog dien sy in die Lugmag se Vroue Hulpgroep as 'n Inligtings- en Welsynsbeampte. Sy en Billie skei na die oorlog.

Helen bekwaam haar as welsynsbeampte en werk in Kaapstad in 'n gemengde ras-area.

Vanaf 1951 werk sy in 'n klerefabriek in Transvaal. Saam met ander aktiviste veg sy vir die regte van swart Suid-Afrikaanse vroue vir beter gesondheidsorg, vryheid van spraak, rassegelykheid asook vroueregte. Sy is stigterslid van die Congress of Democrats.

In 1955 hou sy die Vryheidsmanifes in Kliptown voor en saam met Lilian Ngoyi, is hulle stigterslede van The Federation for SA Women (FEDSAW).

Op 9 Augustus 1956 is Helen een van die leiers van die Vroueoptog saam met 20,000 vroue na die Uniegebou om protes aan te teken teen die pasboekstelsel. Haar teenkanting teen die regering word waargeneem en sy word saam met 156 ander in Desember 1956 vir hoogverraad gearresteer. Sy word verbied om enige toesprake of protesoptogte te hou. Tydens die Verraadverhoor (Treason Trial) tree sy op as Beskermvrou. Hierdie verhoor word oor 4 jaar uitgerek waarna die klagtes in 1961 of teruggetrek of mense vrygespreek is. Helen is een van 6 Joodse vroue wat verhoor is, o.a. ook Ruth First.

1962 - Sy word die eerste persoon om vir 8jr 6 maande onder huisarres geplaas te word.

1985 - Die verbod word opgehef toe Helen 80 jaar oud was.

Gedurende hierdie tyd is o.a. haar eiendom beskadig deur die gooi van klippe, sy ontvang telefoniese dreigemente, 'n bom word aan haar voorhek vasgemaak en lukrake skote word afgevuur.

Aangesien sy nie eie kinders gehad het nie, het sy omgesien na die kinders van kamerade wat in die tronk was, o.a. dié van Bram Fischer en Nelson Mandela.



Helen sterf op 87-jarige ouderdom aan kanker. Die Anglikaanse Kerk het haar met die hoogste orde vereer.

## DE WILDT



**FRANCES BAARD** trou in 1942 met 'n skoolvriend van Kimberley, Lucas Baard. Hulle verhuis na Port Elizabeth waar sy vir 5 jaar as huishulp werk en sy was ook vir 'n kort tyd in die onderwys.

In 1948 werk sy in 'n fabriek. As ontluikende aktivis vir die ANC, word Frances beïnvloed deur Raymond Mhlaba en Ray Alexander. Sy sluit by 'n werkersvakbond aan. In 1950 ontmoet Frances vir Florence Matomela en saam stig hulle die ANC Women's League in Port Elizabeth.

In 1954 word Frances president van FEDSAW.

1955 - sy word een van min vroulike lede van SA Congress of Trade Unions (SACTU). Sy onderhandel met boere oor die verbetering van werkers se omstandighede. Sy is ook aktief betrokke by die opstel van die Vryheidsmanifes.

1956- sy is deel van die Vroueoptog en word ook Beskermvrou van die Verraadverhoor.

In 1960 en 1963 word Frances gearresteer maar nie gevonnis nie. In 1964 word sy gevonnis vir 5 jaar en daarna verban na Boekenhout vir 2 jaar. Familie sien om na haar kinders.

1971 - verhuis na Mabopane.

1983 - lid van UDF.

Frances is lid van die Metodiste Kerk. Sy skryf haar outobiografie.

Die Munisipaliteit in Kimberley word na haar hernoem en 'n standbeeld word ook daar onthul.

**LILIAN NGOYI** het skool bygewoon tot Std. 2. Sy werk vanaf 1928 as verpleegster. In 1934 trou sy met John Ngoyi en hulle het een dogter. Drie jaar later sterf John in 'n motorongeluk en gaan Lilian as kleremaakster in 'n klerefabriek werk. Sy onderskei haarself as energiek en 'n vurige openbare spreker. In die 1940's word sy aan die politiek blootgestel by die GARMENT WORKER'S UNION in SA.



1952 - Lilian sluit aan by die ANC WOMEN'S LEAGUE en word president.

1954 - Stigterslid van FEDSAW en in 1955 lid van die NATIONAL EXECUTIVE COMMITEE van die ANC.

Die internasionale arena neem kennis van Lilian Ngoyi. In Switserland neem sy deel aan 'n kongres aangebied deur die WOMEN'S INTERNATIONAL DEMOCRATIC FEDERATION (WIDF). Sy reis wederregtelik na Brittanje en besoek ook Duitsland, Romenië, China en Rusland. Met haar terugkeer in 1956 word sy gearresteer, vrygelaat en weer gearresteer en bring ook tyd in eensame opsluiting deur.

1956 - deel van die Vroueoptog saam met Helen Joseph, Rahima Moosa, Sophia de Bruyn en Albertina Sizulu.

Lilian was vir 15 jaar onder huisarres geplaas en is oorlede weens hartprobleme.

Sy is vereer deur vele herbenoemings soos 'n kliniek in Soweto, 'n skip, die Strijdomplein in Pretoria en 'n saal by Rhodes Universiteit, asook straatname in Pretoria, Kaapstad, Thembisa, Johannesburg, Durban en Hartbeesfontein.



**SOPHIE DE BRUYN** is die enigste langslewende van die 5 vroue. Sy kry skoolopleiding by ‘n Katolieke skool in ‘n multikulturele area, Villageboard. Nadat haar pa in die Tweede Wêreld Oorlog gaan veg het, trek haar ma na ‘n Kleurlingwoongebied.

As laerskooldogter werk Sophie vir sakgeld by ‘n klerefabriek. Van kleins af leer sy om van die werkers se probleme met fabrieksbase op te los. Sy vorder tot opsigter en tree op as verteenwoordiger van die werkers. Al het sy nie haar skoolopleiding voltooi nie, styg sy uit en word uitvoerende lid van die Tekstiel Werkersunie in Port Elizabeth. Sophie werk nou saam met o.a Raymond Mhlaba en Govan Mbeki.

Sy is ‘n stigterslid van SACTU, die voorganger van COSATU.

In 1955 op 17-jarige ouderdom word Sophie aangestel as leier van die COLOURED PEOPLE’S CONGRESS in Johannesburg.

Saam met Helen Joseph, Lilian Ngoyi en Rahima Moosa help hulle vroue met hul pasboekprobleme. Sophie word ook leier van die CONGRESS OF THE PEOPLE in KLIPTOWN.

In 1956 is sy deel van die Vroueoptog na die Uniegebou.

Sophie dien nou as menslikehulpbronnebestuurder en kommissaris by die Kommissie vir Geslagsgelykheid.

Lid van die ANC Vroueliga.

Lid van die Saartjie Baartman Navorsingsgroep



**FLORENCE BARBARA RIBEIRO** (née Mathe) ook genoem Vemba omdat sy in November gebore is. Haar pa is oorlede toe sy 12 was en haar ongeskoolde ma het die kinders in Katolieke skole geplaas. Florence het onderwys studeer en haar susters verpleging.

1957 - sy trou met Fabian Ribeiro, ‘n mediese student. Hulle open ‘n praktyk in Welkom. In 1960 verhuis hulle na Mamelodi waar Florence ‘n slaghuis open en ‘n besigheidsvrou word. Sy begin met ‘n B.Com. graad maar skop op om 4 kinders groot te maak.

Haar swaer, Robert Sebukwe, het haar beïnvloed. Sy is baie simpatiek teenoor haar mense wat onder apartheid gely het en was intens betrokke by die stryd vir hul vryheid.

In die 1980’s woon sy die WORLD WOMEN’S CONFERENCE in Sentraal Afrika by.

Florence is ‘n steunpilaar vir slagoffers in Mamelodi deur verblyf en finansies aan hulle te verskaf.

A.g.v. bewyse wat sy teen die regering versamel het, het haar gesin gely. Hul huis is deur ‘n brand vernietig. Agente van die staat het hulle in 1997 by hul huis doodgeskiet maar in 1999 het die Waarheid- en Versoeningskomissie amnestie aan die agente verleen.

BRONNE:
South African History Online (SAHO)
Wikipedia

- Carlien Retief, Skakelbeampte, De Wildttak

---

## MIDSTREAM

### TAALONTWIKKELING

Dr. Bettie Boshoff praat oor die invloed van tweetaligheid op die taalontwikkeling van kleuters. Mense se vrese oor taalagterstand en taalverwarring is dikwels ongegrond en verskeie navorsers het dit reeds bevestig.

Twee- of meertaligheid het nie net ‘n invloed op ‘n kind se taalontwikkeling nie, maar ook ‘n positiewe invloed het op kognitiewe ontwikkeling, korttermyn-geheue, probleemoplossing, kritiese- en kreatiewe denke en uitvoerende funksies.

Daar is ook verskeie vorme van tweetaligheid waarvan hier slegs drie genoem word:

- Saamgestelde tweetaligheid waar die twee linguistiese kodes as een gestoor en opgeroep word, ontwikkel wanneer twee tale gelyk aangeleer word.
- Gekoördineerde tweetaligheid dui daarop dat die twee linguistiese kodes apart gestoor word in twee betekenissisteme. Hier word twee tale gelyk geleer maar in verskillende kontekste, bv. huis en skool.
- Ondergeskikte tweetaligheid beteken dat die spreker oor twee linguistiese kodes beskik maar dat die tweede taal deur die eerste taal gefiltreer word ter wille van begrip. Persone wat ‘n tweede taal eers later in die lewe aangeleer het soos baie van ons ouer garde, praat ‘n tweede taal deur hierdie proses.



Susan Eksteen is ‘n gekwalifiseerde en ervare stempelsnyer en medaljeur. Sy het van haar werksaamhede by die Suid-Afrikaanse Munt vertel. Sy is een van ongeveer 11 persone wêreldwyd wat nog die kuns beoefen en word ook gereeld genader om medaljes vir internasionale geleenthede te ontwerp.






*Carol Marais (Voorsitter), Mbone Midzi, Elaine Potgieter (Skakelbeampte), Ansie Kruger, Mariëtte Bester en Bettie Boshoff*

- Carol Marais, Voorsitter

## SINTANA

Opedag in Country-styl met kaktusversierings, sop en brood en regte kankoffie uit 'n 100-jaaroue ketel, maak die dag spesiaal.



Dr Pixie du Toit, 'n forensiese kriminoloog het gesorg vir pitkos met 'n praatjie oor diereterapie en natuurlik het die terapiehonde wat daar was, die dag as suksesvol voltooi.

Marleen Bure glimlag hier maar haar hart is seer want haar man is 'n paar dae tevore begrawe.




*<u>Bo:</u> Annatjie Botha met die eerste takalbum*

*Die tak loop op nostalgiese paaie toe hulle 57 jaar se plakboeke van Vera Smit, 'n stigterslid, ontvang het. Hulle wys ook naaldwerk wat hulleself jare gelede gemaak het.*



*<u>Bo:</u> Fabiola Pieri met 'n tapisserie wat sy as 20-jarige borduur het (nou 41 jaar later)*



By nog 'n geleentheid deel Diana Keulder haar 'Herskep jou verhaal"-geskiedenis.

Hulle is ook produktief besig toe Bettie Boshoff hulle geleer draaddraaijuwele maak waar elkeen 'n hangertjie met 'n gesteente in geskep het.

- Helena Greyvensteyn, Skakelbeampte




*<u>Links:</u> Janet Bothma se "Mock Cloisonne" - wie onthou nog hierdie kompetisie?*

*<u>Regs</u>: Soms is werk op die harde vloeroppervlakte die antwoord.*

*Kaylin Smit, lid Igna se dogter en Annatjie Botha.*










*Toe borduurwerk nog deel van Huishoudkunde was, het Helena Greyverstyn in St 9 (1963) hiédie borduur. Die voor- en agterkant lyk bykans dieselfde!*

## MONUMENTPARK



Ina van Eck het verlede jaar vanaf Gqeberha (Port Elizabeth) waar sy takvoorsitter was, Pretoria toe getrek en by Monumentpark aangesluit. Ons was salig onbewus dat sy eintlik as "Sister Johanna" bekend gestaan het by die Sultan Bin Abdulaziz Humanitarian City hospitaal in Saudi Arabië, waar sy die bestuurder van die Beroerte-eenheid was. Sy het, outentiek geklee, haar unieke belewenis met ons kom deel asook heelwat wenke oor hoe om bedlêende en hulpbehoewende pasiënte te hanteer.
Beroertepasiënte, ongeag van wanneer hulle hulpbehoewend geraak het, word in die rehabilitasiehospitaal behandel. ˈn Span, bestaande uit multi-dissiplinêr opgeleide spesialiste, is betrokke by die rehabilitasie van hierdie pasiënte. Ter wille van kontinuïteit het elke pasiënt ˈn persoonlike versorger wat saam met hul in die kamer woon en tree ook op as tolk vir die personeel wat nie Arabies verstaan nie. Die rehabilitasie sluit die pasiënt se familie in, wat ook toegerus word om die situasie te verstaan, dit te hanteer en daarmee saam te leef. Die persoonlike omgee vir elke mens het telkens uit Ina se hele wese gestraal.

Prins Sultan van Saudi Arabië, na wie die hospitaal vernoem is, dra al die hospitaalkostes van pasiënte, wat wêreldklastoerusting en -kundigheid asook personeel se salarisse insluit. Die hospitaal bestaan uit 'n kompleks met netjiese tuine en is geleë in ʼn woestynagtige omgewing. Dis verstommend om te sien en hoor wat die Saudi inwoners alles vermag!



*Die hospitaalkompleks se aremrowende tuine in 'n woestynland!*

Die rehabilitasie-verpleegster vervul 'n uitdagende en uiteenlopende rol wat al die fasette van die pasiënt se menswees aanspreek. Verder verskil elke pasiënt se behoeftes afhangende van die deel van die brein wat deur die beroerte beskadig is.

Verpleegster se assessering-areas:


- Sensories perseptueel
- Veiligheid
- Spiritueel
- Seksueel
- Pyn
- Psigo-sosiale ondersteuning / "coping strategies"
- Ondersteuning/onderrig van pasiënt se familie

**Verpleegsorg na ˈn beroerte**

Voorsorg om komplikasies te verminder of te verhoed deur:


- posisionering en hantering van geaffekteerde ledemate;
- Velsorg - veral teen bed- en druksere;
- Help pasiënt met ondersteunende toestelle;
- Volg die derm- en blaasprogram;
- Ondersteun pasiënte met daaglikse lewensaktiwiteite om so onafhanklik moontlik te funksioneer;
- Volg veiligheidsmaatreëls teen val-, stuipe- en infeksierisiko's;
- Leer pasiënt en sy familie hoe om tuiskoms te hanteer.

**Algemene riglyne vir regte posisionering en hantering van ˈn pasiënt:**



1. Ondersteun die geaffekteerde kant

Plaas kussings onder die kant wat geaffekteer is. Die elmboog en vingers moet reguit wees met die handpalm na bo. Daar kom ook ˈn kussing onder die knie en hou die knie effens gebuig.




2. Plasing vir normale asemhaling

Draai die kop na die sykant om normale asemhaling te verseker. Plaas beide arms weerskante van die kop. Ondersteun die skouers, bors en enkels met slap kussings in 'n ontspanne posisie.



3. Voorkom misvorming

Gebruik kussings wat voorkom dat knieë in direkte kontak is met mekaar om misvorming te voorkom.



4. Sittende posisie

Sit regop en ondersteun die rug goed.

Ondersteun die ledemate met 'n kussing of tafel. Plaas beide voete op die vloer of op ˈn voetrus, met die knieë 90° gebuig.

5. Voorkom arm- en skouerbeserings

Moet nooit die geaffekteerde arm of skouer trek tydens vervoer nie.

Ondersteun die arm sodat arm nie hang ("dangle") nie.

Gebruik ʼn hangverband om te voorkom dat skouer ontwrig ("dislocate").

Riglyne om pasiënt met kommunikasieversteuring te versorg:


- Behou oogkontak;
- Moenie jou stem verhef nie;
- Gee pasiënt kans om te reageer ("respond");
- Ontwikkel ˈn positiewe verhouding met jou pasiënt;
- Erken ("acknowledge") jou pasiënt se frustrasie.

- Alta Lichtenstein, Skakelbeampte

OMGEWINGSBEWUSTHEID

## Besoek aan die ELEPHANT SANCTUARY

In Augustus besoek ek en my familie die Elephant Sanctuary te Hartbeespoort dam. Om 8:00 die oggend ontmoet ons die drie reuse Afrika-olifante wat tans in die reservaat versorg word . Ons kon die olifante afborsel terwyl hulle ontbyt genuttig het. Wat 'n ervaring was dit nie om die rimpels en klipharde kreukels in die vel met kaal hande te voel nie! Die vel is op plekke tot 2,5cm dik en beskerm die olifant teen ultra-violet-strale, parasiete en vogverlies. Die versorgers is die olifante se vertrouelinge en solank mens doen wat hulle sê, het die olifante ons toegelaat om aan hulle slurpe, ore, reuse pote en selfs aan hul tong te vat.



Ek steek skrikkerig my hand in die olifant se bek…

Ek was so naby aan die agt ton reus, dat ek sy oog met my selfoon kon afneem. Die gidse het aan ons verduidelik dat die olifante aritmiese sig het, wat verander soos die lig verander. Hulle kan nie so goed in helder lig sien nie, in dowwe lig sien hulle die beste en hulle nagsig is baie goed. Hulle oë is aan die kant van die kop geleë, wat hulle perifere visie gee, en hulle dus instaat stel om ook agter hulle te sien. Die oog is in verhouding so groot soos 'n mens s'n en is gewoonlik groen of groenbruin en word beskerm deur lang oogwimpers. Olifante het nie traankliere nie.




Ek het gedurende die interaktiewe besoek baie bewus geword van die ongelooflike grootsheid van hierdie diere in die skepping. Miskien het ek 'n klein bietjie ervaar waarvan Lawrence Anthony in sy boek, *The elephant whisperer*, geskryf het… Respek het in my hart opgewel en ek het geweet as Ollie besluit om sy voet op my neer te sit, sou dit die einde van my aardse bestaan wees.

Elke jaar op 12 Augustus word olifantdag wêreldwyd gevier. Hier volg 'n paar interessante feite:

- Die woord "olifant" kom van die Griekse woord "elephas" af, wat "ivoor" beteken.
- Die gemiddelde lewensduur van 'n olifant is tussen 50-70 jaar.
- Die swangerskap duur 22 maande.
- Die ore word gebruik om die olifant koel te waai.
- Olifante het swak sig, maar uitstekende reuksin.
- Die slurp het ongeveer 40 000 spiere.
- Olifante slaap ongeveer 2-3 ure per dag.
- 'n Volwasse olifant benodig tot 300 kg kos en 160 liter water per dag.

- Elma Human
Jakarandastreekskakelbeampte



*Oom Olifant, jou reuse dier!*

## DE NUIT




Wanneer 'n mens interaksie met die Suid-Afrikaanse Gidshondvereniging het, besef jy hoeveel jy het om voor dankbaar te wees. Wat 'n wonderlike werk doen hulle nie!

Alicia en Elche Joubert, Lyn en Nix Noble en Jana de Jager en vyf gidshonde het die lede van VLU De Nuit kom verryk met 'n praatjie oor die grootmaak, opvoeding en oorgee van die honde aan persone met gestremdhede wie se lewe so vergemaklik word. In hulle eie woorde: "Yes! It's hard to give them up."

- Nelie Viljoen-Toet, Voorsitter

*<u>Links:</u> Ronel Newman, een van ons lede met 'n spesiale oomblik saam met een van die honde.*

## KILNERPARK

### KILNERPARK SE ROSE TUSSEN LUDWIG'S ROOSPLAAS SE ROSE

Die ingang van Ludwig's Roosplaas word versier met pragtige staal rose. Wat 'n begin van hierdie heerlike avontuur. Oral langs die pad soos jy inry en gaan parkeer is daar lanings vol rose aan alle kante. Mens kan nie anders as om tussen hulle te gaan wandel en te ruik aan al die verskillende geure wat die natuur mens bied nie. Daar is die mooiste kleure rose. Soms so wit dat hulle groen lyk asof hulle nog moet verkleur en soms so donkerrooi dat hulle amper swart lyk. Daar is piepklein rosies en massiewe groot rose. Die blare van die rose verskil ook heeltemal. Sommige rose is oop terwyl ander lyk asof daar 'n klomp kleiner rosies in die binnekant van die roos is.

Elke roosboom het 'n naam en in party gevalle kan mens die naam assosieer met hoe die roos lyk in kleur of vorm. Pragtig ook dat sommige rose vernoem is na bekende Suid-Afrikaners en natuurlik ons eie SAVLU- roos. *(Sien p11 - die geskiedenis - Red)*

Ons was so gelukkig om net in tyd te wees om op 'n plaas trein te ry (waens wat deur 'n trekker getrek word). Ons het deur al die roosplantasies / boorde gery en kon baie meer sien sonder om ons moeg te stap.

Die restaurant 'The Rose Kitchen" het 'n heerlike spyskaart met menige items wat ietsie van rose weerspieël het soos die roosmelkskommel. Die dames het verskillende geregte bestel en was baie ingenome met geurige en keurig bediende geregte. Party dames moes selfs "doggie bags" huis toe neem.

Die roosuitstalling in die saal se tema was Buitelewe met die klem op kinders se speelareas. Modeltreintrokke en -enjins versier met rose was ook deel van die uitstalling. Ludwig's het saamgewerk met die 'Centurion Society of Model Engineers'. Daar was voorbeelde van ruikers vir verskillende funksies en ons dames moes natuurlik poseer tussen die mooie rose. Ons kuier was 'n heerlike sonnige dag vol rosepret.

**- Coby Roberts and Helena Snetler**

### MY FIRST TIME AT THE CONGRESS

I have been hearing about the congress for many years and have never been able to attend. This year I decided it is time for me to take leave, ignore the cost and just go to the congress. My sister also decided to join me at this happy occasion. It was a beautiful fun filled occasion with my branch friends. I had no expectations and no preconceived ideas about the congress and I was completely blown away. We had a welcoming committee that greeted us on arrival and showed us where to book into the lodge and then we went to the meeting hall we received the most magnificent goodie bags full of lovely items. What a special occasion, good food, good company and very thought through programme from fun filled to absolutely emotional and when Eric Holm shared his life story there was no dry eye in the room.

This experience is one that I recommend to anyone who is wondering if it is worth it. It is more than just a congress; it is a life experience to be in the room with the pioneers of the VLU.

- Elize Lundall-Magnuson, Liaison officer

## VAN RIEBEECK

### DIE GESKIEDENIS EN ONTSTAAN VAN BRONKHORSTSPRUIT

Fanie Kitching het 'n baie inspirerende praatjie tydens 'n takvergadering gelewer. Hy is Neva Kitching, ons bekwame sekretaresse, se eggenoot. Ons is almal inwoners van Bronkhorstspruit, party al vir baie jare en ander minder. Maar ken ons ons dorp se geskiedenis?



Met die agtergrondinligting en sy aangemoediging om ons dorp die BESTE plek te maak om in te woon, is ons aangespoor. **Waar is daar ontwikkeling? Daar waar God besig is.**

Dit word beweer dat die naam Bronkhorstspruit sy oorsprong te danke het aan 'n waterplant, nl. bronkhors, wat welig in die rivier gegroei het. In 'n ander verklaring word genoem dat die rivier vernoem is na die eerste eienaar van die plaas waardeur die rivier loop, nl. J.G.S. Bronkhorst.

Fanie vertel dat die heel eerste naam vir Bronkhorstspruit waarskynlik "Kalkoenkransrivier" was. Kalkoenibisse ("Southern bald ibis") het glo teen die kranse gebroei.

Ons weet dat C.J.G. Erasmus die plaas Hondsrivier in 1904 laat opmeet het en in 1905 het hy erwe op 'n openbare vendusie laat verkoop. Die stasie het sy naam Bronkhorstspruitstasie reeds sedert 1894 gehad. Die dorp se naam was vroeër Erasmus. Daar was 'n Erasmus Laer-skool en vandag nog is die Hoërskool Erasmus asook Erasmus Apteek op die dorp.

In 1929 is die naam BRONKHORSTSPRUIT amptelik aanvaar. Straatname soos Cornelisstraat, Lanhamstraat en Cathystraat bestaan vandag nog. (Cornelis Erasmus, Cathy was sy vrou, Lanham was die landmeter wat die dorp opgemeet het. Roothstraat: Mnr. Rooth was die prokureur van Mnr. Erasmus. Charl Cellierstraat: vernoem na die vendusie-afslaer wat die erwe verkoop het.)

In 1947 kry die dorp vir die eerste keer elektrisiteit vanaf Witbank en word die Bronkhorstspruitdam gebou. In die tydperk van 1982-1986 het die inwonertal van 3000 tot 7000 gestyg en tans is daar meer as 30,000 mense.

In 1952 is Van Riebeecktak gestig en die eerste tema van 'n takvergadering was: "Verbied TV." – interessant né!

Talle ander hoogtepunte is uitgelig rakende die ontwikkeling van die dorp. In Augustus 2005 het Neels en Rita Pohl 'n kosbare boek die lig laat sien, nl. "100 Jaar van ERASMUS tot BRONKHORSTSPRUIT." Dit is te koop by ANB Skryfbehoeftes en bevat baie foto's en feite wat steeds vir elke inwoner van belang is.

Baie dinge het verander, maar ons God bly getrou.

- Elizabeth Kendall, Skakelbeampte



*Dot Kruger en Alda vd Merwe*

# STREEKNUUS / REGIONAL NEWS - WITWATERSRAND

Die dames van Witwatersrand het die Lente-seisoen met 'n *'realistiese'* modeparade begin. Eerder as om te kyk na wat ons '***gaan'*** dra, het ons teruggekyk na wat ***'het'*** ons gedra. Ons modelle was van internasionale gehalte, maar plaaslik uit Witwatersrand. Daar was teruggekyk vanaf die vorige eeu toe damesonderklere begin ontwikkel het. Amelia Bloomer, ('n Amerikaanse dame) het in 1851 'n lang broek met valletjies ontwerp wat sy pantalettes genoem het. Tydens die eerste modevertoning hiervan het dit egter dadelik as Bloomers bekend gestaan. Sy is daarvan beskuldig dat sy vrouens soos mans wil laat lyk in hierdie 'broeke'!

Vrouens kon ook vir die eerste keer in swemklere swem. Daarna is die Charleston langlyfrokke met lang stringe pêrels, lang handskoene en die la-a-a-n-g sigarette beskou. Die modekoning 'DIOR' het tot die dames se redding gekom en in die jare 50 elke jaar iets nuuts op die loopplank ten toon gestel. Die rokke was vroulik maar nuut, anders. Sagte dansrokke of deftige uitrustings. Daar is geluister na Pat Boon en Mario Lanza. Elvis het na vore gekom en 'n hele musiekrevolusie veroorsaak. Hier by ons is Springbok Radio gestig en Chris Blignaut het gesing.

Die Swinging Sixties het baie vryhede maar ook uitdagings gebring. Blommekinders was oral en Mary Quant se 'Mini' was in 1965 die treffer van die eeu! As daar 'n modewoord vir die 70's was, was dit **Crimpelene**. Min van ons het nie crimpelene geken nie. (Die jong klankman het my wel kom vra wat Crimpelene is.) Dit was die wonderlikste materiaal wat nog ontwikkel is! Dit was – MAKLIK! Dit was nie nodig om af te werk nie. Jy kon die een pant bietjie rek om by die ander pant te pas. Dit was 'n beurtkrag-vriendelike materiaal - jy hoef dit nie te stryk nie. Dit was vergewensgesinde lap - jou skaal kon klim en steeds het jou uitrusting gepas sonder probleme. Dit was egter dik, warm en soms krapperig. "**But Beauty knows no pain**." Die modes was van kort na lank en weer terug na kort.

Die jare 80 was die bevryding van die vrou. Jy het self besluit wat vir jou mooi is. Groot skouers en nog groter hare. Langlyf rokke, valletjies, kant, en plooitjies. Die matroosvoorkoms of helder kleure. **Anything goes!**

Die modeparade is afgesluit met 'n verskeidenheid van trourokke. Die bruidsruiker is gegooi soos tradisioneel gedoen is en die wenner van die ruiker het 'n deurskynende nagkabaai vir haar wittebrood gewen.

Ons het teruggekyk met nostalgie. Ons het ons oumas, ma's, of onsself herken. Baie gelag vir lawwe uitrustings want '**Liewer Dood as uit die Mode'** het ook óns beskryf! Maar ook gesien dat talle uitrustings tydloos is. En vir ons vrouens, is die begeerte om mooi te lyk ook tydloos…

- Ronel de Greeve, Witwatersrand-skakelbeampte

*<u>Middel:</u> Edna Bester se bloubloed crimpelene aandrok met pelsstola*

*<u>Onder:</u> Pantalettes / bloomers*



*<u>Bo:</u> Crimpelene is koning!*





*<u>Regs;</u> Die geborduurde handsak was beslis 'n VLU-kompetisie*







***Swemdrag***



***Charleston uitrustings***

**HEF 'N KIND OP - MATLA A BANA**

Matla a Bana is hierdie jaar Witwatersrandstreek se omgeeprojek. Die woord "Matla a Bana" beteken **Krag van die Kinders**. Dit is 'n wonderlike organisasie wat kinders ondersteun wat onsedelik aangerand word en vasgevang is in hulle omstandighede.

Om kortliks op te som wat hulle doen:

- Ondersteun die slagoffers deur kindervriendelike-fasiliteite by SAPS beskikbaar te stel
- Voorsien gemakspakkies aan hierdie kinders. Hierdie pakkies bevat 'n sagte speelding, inkleurboek met vetkryte, pakkie eetgoed, koeldrank, waslap en seep, tandeborsel, tandepasta en twee broekies.
- Lei mense op wat met die kinders werk.
- het ook 'n kinderbeveiligingprojek by skole.

Matla a Bana het baie hulp nodig. Liezel van Eden vertel ook dat hulle begroting sonder enige waarskuwing gesny word.

Ons het groot waardering vir die werk wat hierdie organisasie doen. Hopelik kan ons as VLU hulle nog meer in die toekoms ondersteun. Dit kan ook in volgende jaar 'n afsetgebied vir ons "I can can"-projek bied.

- Ronel de Greeve, Witwatersrand Skakelbeampte.

*Onder: Adri van Niekerk oorhandig 473 beertjies deur die takke geskenk aan Liezel tydens die streekvergadering.*







## RIDDERSPORE

Wat maak Riddersporetak **UNIEK**?

Die verklarende woordeboek se betekenis vir die woord UNIEK is waarvan daar nie 'n tweede bestaan nie; enig in sy soort; merkwaardig; onvergelyklik.

Riddersporetak is uniek want ons is 'n aandtak. Ons het gevoel daar is 'n behoefte vir die werkende vrou en tuisteskepper om na werk te kom ontspan en te leer. Ons kom een keer 'n maand op 'n Donderdag bymekaar en dan leer ons nuwe vaardighede aan. Die gasvrou van die maand kom leer ons 'n nuwe vaardigheid of kry 'n gasspreker om ons toe te spreek en nuwe tegnieke te wys.

Hier is dit nie net waar ons nuwe tegnieke en vaardighede aanleer nie, maar is ook waar ons hartsvriendinne maak. Ons moedig mekaar aan om nuwe projekte aan te pak en te voltooi en selfs in te skryf vir kompetisies. Ons is hartsvriendinne en is dáár vir mekaar tydens die lief en leed.

Ons betrek die jonger geslag om aan hulle ons kennis oor te dra wat ons weer by ons voorgeslagte geleer het sodat dit nie verlore gaan nie. Ons gee die jonger geslag weer 'n kans om ons te leer van nuwe tegnieke en produkte. Soos die spreekwoord sê "'n mens is nooit te oud om te leer nie"!

- Gerda Benadie

## MIDDELVLEI






**RIA HERBST**

† 14-10-2023.

Middelvlei se harte is stukkend oor die heengaan van **Ria Herbst,** takvoorsitter en vriendin.

Ria was 20 jaar lid van Middelvlei, was ook die skakelbeampte vir n tydperk en die laaste 6 jaar voorsitter.

Sy laat haar man, 2 seuns, 1 skoondogter en 3 kleinseuns agter. Ria was 'n vrou wat baie goed met naaldwerk was en het die mooiste klere gemaak. Ons gaan jou so baie mis.

Rus sag ons liefste vriendin.

- Terisa Herbst, Skakelbeampte

## FAIRLANDS



**VERKLEIN JOU "FOOTPRINT" - Begin 'n Organiese Wurmplaas**

'n Wurmplaas bestaan uit spesiale rooi erdwurms wat jy by sommige kwekerye kan koop. Hulle kom in 'n plastiese houer wat uit 3 lae bestaan. 'n Wurmplaas kan in koelte, somer en winter buite gehou word.

Wat eet die wurms?

Al die groente-, appel- en ander vrugteskille uit jou kombuis (daar is wel 'n paar beperkinge), eierdoppe maar geen vleis en vet nie. Plaas al die skille, ens. in die wurmhouer en gee een maal per week 'n bietjie water. Die wurms peusel heerlik aan die skille en drink die water.

Die wurms se afval en water gaan na die onderste deel van die houers wat 'n kraan het. Dit is dan die wurmtee wat jy in jou blombeddings, potplante of jou groentetuin gooi as organiese voeding. Die wurmtee kan ook verdun word.

Met die gebruik van wurmtee in jou tuin sal jy mettertyd baie gesonde organiese grond skep wat vir jou baie blomme en plesier sal gee.

Jy vra wat doen jy as jy met vakansie gaan?

Geen probleem nie. Ek sit opgesnyde pampoen in hulle houer of avokado's, gee hulle water en kom terug na baie wurmtee om entoesiasties in my tuin te gooi.

'n Wurmplaas is ook 'n goeie geskenk vir 'n persoon wat graag ons natuur wil bewaar. Jy kan ook 'n 2 liter-wurmtee as geskenk aan 'n vriendin vir haar tuin gee.

Probeer dit … "very rewarding"!

Bel my as jy raad nodig het.

- Susan Greyvenstein, Skakelbeampte. 082 551 8884

## FUCSHIA

Ons is 'n klein tak, maar het ywerige lede wat aan kompetisies deelneem. Daar was twee artikels van ons tak wat op Kongres gekompeteer het. Ons is baie trots op Estelle Olivier se fotoraam wat 75% behaal het en Maryna van der Merwe se handsak van laslapbreiwerk wat 'n spesiale prys verower het met 90%

Fuchsia's, ons is trots op julle!

- Elsa Pringle, Skakelbeampte





**DAMESOGGEND**

Met 'n beplanningsvergadering is daar besluit dat 'n damesoggend beplan en gereël moet word om fondse vir die tak in te samel. 'n "Dinkskrum" het 'n paar blink gedagtes na vore laat kom om die besondere dag te laat realiseer.

Met entoesiastiese beplanning, gebede wat ons alles in ons Heer se hande gesit het, het die los stringe gedagtes begin bewaarheid word.

RSG se omstrede omroeper en aanbieder, Jacqui January, was eenparig as spreker gekies met die tema "JY AS VROU, WATTER GEUR LOS JY NA". Saam met Jacqui is wonderlike musiek deur Martin Lane aangebied. Hy het die oggend afgeskop met "My Nooi is in 'n Nartjie, my Ouma in kaneel…" en Jacqui het daarop gereageer met 'n opbouende en motiverende boodskap. Die tak het borge gekry en al die dames en vriendinne kon heerlik kuier en geskenke kry, o.a. 'n kruiesakkie, tydskrifte en heerlike fudge.

Hierdie genoeglike oggend bring nuwe motivering en lus vir die volgende kuier en ons het mooi herinneringe om te bêre … en die ekstra geldjie in die kas is baie welkom.

Tot ons volgende funksie – Fairlands-groete.

- Zaria Olivier, Skakelbeampte



*Bo: Salomé de Jager, Jackie January, Darlene Kruger en een van die gaste wat een van die gelukkige trekkings gewen het.*

*Regs:*

*Martin Lane*



## KRUGERSDORP

Huldeblyk aan
**AMANDA CILLIERS** – Krugersdorp tak



'n Dierbare lid van Krugersdorp tak het verhuis na haar ewige tuiste. Vandat Amanda by ons aangesluit het, het sy entoesiasties deelgeneem aan alle bedrywighede. Elke klas wat aangebied is vir brei en hekel het sy bygewoon. Haar vaardighede in die kombuis het sy gewys met haar deelname aan die bakkompetisies aangebied deur Clover. Sy het net vergaderings gemis wanneer sy en haar man Harry die land platgery het op sy motorfiets. Amanda het na 10jaar uitgevind dat haar kanker terug is. Nooit het sy gekla of met 'n lang gesig opgedaag by 'n vergadering nie. Altyd geglimlag, mét of sónder hare. Sy het haar man versorg en aan die dood afgestaan terwyl haar eie stryd met die kanker net nooit opgehou nie, en tog het sy nooit gekla nie. Amanda was so voorbeeld van 'n vrou wie se lig nie opgehou skyn het nie. Sy het geglo: "Jy lewe nie as jy nie LEWE nie." Sy het voluit geleef en altyd omgegee vir die mense om haar. Sy word elke vergadering gemis en haar leë plek laat 'n woestyn in ons tak agter.

## SLANGE IN KRUGERSDORP EERDER AS DIE PARADYS

Colin Hill het met die Evas van Krugersdorp kom praat oor slange en hoe om hulle te hanteer sonder om in die moeilikheid te beland. Sy raad het nie veel verander vandat Eva die eerste keer met die slang in die paradys te doen gekry het nie – ***LOS HULLE UIT!*** Sy ervare opinie is steeds dat 'n slang jou sal uitlos as jy hom uitlos. Baie slange is nie aggressief nie en sal self verkas wanneer hulle pad joune kruis.

Colin het vir ons 'n skyfievertoning gegee om die verskillende slange uit te ken en mooi verduidelik watter slange aggressief is en sal aanval wanneer hulle onverwags versteur word of voel dat hulle bedreig word. Hy het verduidelik van die verskillende tipes gif van die verskillende slange: neuro-toksies en ander wat jou vleis wegvreet en ander wat jou net 'n dag of drie in verskriklike pyn sal laat. Sy groot boodskap was egter – "Moenie ons slange doodmaak nie." Slange het hulle plek in die natuur en hulle afwesigheid veroorsaak ander grillerige gediertes soos muise en rotte om aan te teel en groot skade te veroorsaak. Heelwat van ons inheemse slange is op die bedreigde spesielys. Dis beter om iemand te bel om die slang te kom verwyder as jy nie weet hoe om die slang te hanteer of veilig weer in die natuur vry te laat nie.

Indien iemand wel gepik of gebyt word sal dit verkieslik wees dat die persoon so min as moontlik beweeg om te keer dat die gif deur die liggaam versprei. Hy beveel glad nie aan dat die liggaamsdeel wat gepik/gebyt is afgebind moet word nie. Indien moontlik moet daar 'n foto geneem of 'n goeie beskrywing gegee word van die slang om dit makliker te maak vir behandeling. Ongelukkig is dit 'n tragiese stand van sake dat Onderstepoort wat die vervaardiger van teëgif en spuitstowwe is, nie meer hulle werk doen nie. Daar is 'n reuse tekort aan teengif deur die land.

Veeartse, veral dié wat met vee werk, is veronderstel om 'n voorraad teengif aan te hou maar daar is net eenvoudig nie voorraad beskikbaar nie.

Die dames se reaksies toe Colin die twee slange wat hy saamgebring het uithaal was baie interessant. Daar was beslis Evas wat nie naby die slang of sy appeltjie sou kom nie, maar daar was net soveel Evas wat graag die slange van naderby wou sien asook aan hulle vat. Aangesien dit nog koud was, was die slange redelik passief en 'veilig'. "Hy sal jou in die hakskeen byt" was egter 'n bybelvers uit ons Sondagskooldae wat goed vasge-steek het en die dames was versigtig.

- Hendi Joubert, Voorsitter



*<u>Regs:</u> Colin Hill met die Westerse Gaboenadder – 'n Gevaarlike kalant om raak te loop*

*Die Boa Constrictor is 'n luislang waaraan Elain de Kock kon vat. Die slang se drukkies kan ongelukkig dodelik wees*



## LENTETAK WORD 70!

Lentetak is op 17 Augustus 1953 gestig. Daar was 'n behoefte in Linden om 'n oggend- sowel as 'n middagtak te hê. Dit was 'n heerlike lenteoggend wat ene Mev. Stander geïnspireer het om voor te stel dat die nuwe tak Lente genoem moet word. Die tak is met 9 lede begin. In daardie dae was die Lindentuine vol vrugtebome – 'n oorblyfsel van die vrugtebome van die Geldenhuys-plaas. Dit verklaar dalk die bloeiseltak op Lentetak se vaandel.

Dit was die tyd toe Suid-Afrika nog 'n Unie was. Ponde, sjielings en pennies was die betaalmiddel - Daan Desimaal het toe nog nie sy liedjie op die SAUK se draadloos gesing nie. Gellings petrol is gebruik waarmee ons myle afgelê het! Die afmetings was in duime, voete en jaarts! Ons het in ponde en onse gebak en teelepels, dessertlepels, eetlepels en soms is ook 'n piering en 'n knypie of 'n skeutjie as maat gebruik. Ons het heerlik in Engels gebrei en gehekel – ge"plain" en ge"purl", ge"stocking stitch" – en dít sonder Arthur Bales wat eers in 1969 in Linden ge-open het.



Lente is voorwaar bevoorreg om vir 70 jaar in dieselfde omgewing te kon bymekaar kom.

Die tak se verjaarsdagviering was spesiaal gemaak deur die befaamde Sjef Nicolas van der Walt wat almal in vervoering gehad het met sy demonstrasie van suiker- en sjokoladekuns.

"Almost 50 and still love what I do", word weerspieël in sy gemaklike manier van praat, humor en vriendelike glimlag. Sjef Nicolas het reeds op 'n baie vroeë ouderdom met kos begin speel en kook. Dit het alles begin met 'n doopkoek wat hy gesien het. Sy ouma was die groot dryfkrag agter sy belangstelling. Hy bak sy eerste troukoek op 12-jarige ouderdom. Sy groot liefde vir blomme is oral te sien in sy suikerkuns. 'n Goeie voorbeeld is die asemrowende skepping wat hy gelewer het met Springbok in Suikerkuns. Sy grootste uitdaging was om 'n lewensgetroue renoster uit sjokolade te maak.

'n Glasie gelig op Lentetak se verjaarsdag!




*Nelia Lenz, skepper van die verjaardagkoek en Margaret Peters, voorsitter.*

## AANGENAME KENNIS MEV BALL

"Mrs Ball's Chutney" is 'n ou Suid-Afrikaanse gunsteling. Daar word nooit na net "Ball's" verwys nie - dit bly by die formele aanspreekvorm van "Mrs Ball's". Wie is hierdie vrou agter die naam van die blatjang wat oral in ons huishoudings gebruik word?



Amelia Elizabeth Ball née Adkins, is die ware Mrs H S Ball.

Amelia se ouers, Henry James Adkins en sy vrou Sarah, was Britse immigrante en trou in 1852 in King William's Town (Qonce). Hy was 'n kleinhandelaar in Gonubie. Amelia, een van twaalf kinders, is in 1865 in King William's Town gebore. Sy trou in 1886 met Herbert Saddleton Ball. Daardie jare was dit die gebruik dat vrouens hulle mans se voorletters gebruik en- siedaar- sy word Mev H.S.Ball! Verewig op 'n bottel lekkerte.

Sarah Adkins, Amelia se ma, het die geheime familieresep aan haar dogters nagelaat. Florence, Amelia se suster, het ook blatjang gemaak en dit Mrs Adkins' Chutney genoem. Dit was egter nie so suksesvol nie. Amelia begin tydens die Eerste Wêreldoorlog blatjang op 'n primusstofie te maak. Met haar man, Herbert, se hulp verkoop sy dit op kerkbasaars.

Fred Metter, 'n kosuitvoerder, het saam met die Ball's 'n fabriek in Retreat opgerig. Die blatjang word in agthoekige glasbottels met 'n geel etiket en rooi familiewapen, gebottel. Brooke Bond Oxo het die onderneming in die vroeë sewentigs gekoop en die glasbottels met plastiek vervang. Verkope het egter so gedaal dat hulle dit weer met glasbottels moes vervang. Die eerste bottels was met kurkproppe verseël, die metaaldekels het eers later gevolg. Tiger Brands koop die ondernemig oor van Unilever, wat Brooke Bond Oxo oorgeneem het, vir R475 miljoen in 2012. Die geheime resep behoort nog steeds aan die familie al is dit nie meer hulle eiendom nie.




Amelia is op 97 jaar oorlede en in die begraafplaas in Muizenberg ter ruste gelê. Die grafsteen is baie verweerd maar steeds daar.

Amelia, ma van sewe kinders, entrepreneur en matriarg se nalatenskap aan Suid-Afrikaners is legio: 'n heerlike bykomstigheid vir by die braai, bredies, bobotie, braaibroodjies, kaasborde, om maar net 'n paar te noem. Baie dankie Mev H.S.Ball!

- Analéne Kapp
Skakelbeampte



## ROODEPOORT

Maggie du Plooy van Reach for Recovery het ons oor kanker kom inlig.

Die eerste tak is 1953 in die VSA gestig en die eerste tak in 1967 in SA. Daar is tans 42 takke landwyd.Hulle besoek kankerlyers by Pinehaven, Krugersdorp Privaat en Flora hospitaal. Alles is gratis en hulle doen ook huisbesoek.

Hulle het ons almal bederf met 'n pienk armband met 'n kruis van hoop aan. Lydia het vir die dames gewys hoe om jouself gereeld te ondersoek en jou voorkomend te beskerm teen kanker.

Ons is dankbaar vir alle persone wat kanker oorwin het met God se genade.

\- Malinda Raats, Voorsitter




*Bo: Maggie du Plooy (32 jaar in remissie) aan die woord.*

*Onder: Esta Veldsman (taklid), Sandra Strydom (voorsitter van Reach for Recovery), Maggie du Plooy (spreker), Enna Oosthuizen (taklid), Lydia, lid van Reach for Recovery & Henriette Prinsloo (taklid).*

Al 6 hierdie dames is Survivors van kanker en is nou deur baie genade in remissie. Hulle lewer gratis dienste aan pasiënte.





Eendag vra 'n vrou vir 'n ander vrou: "Hoe is dit dat jy so baie het, terwyl jy so baie weggee?

Daarop antwoord sy: "Soos ek uitskep, skep die God weer in en Hy het 'n baie groter graaf as ek.

Mag Hy altyd vir jou met 'n laaigraaf skep!

## WESTONARIA



*Bo: "Wat 'n voorreg en verrassing om 'n Bronstoekenning op kongres te kry vir my vierpotige kleindogter Liefie en die Gogga!" sê Ina van Biljon. Hier saam met Magda Cooks (voorsitter)*

Vir 'n tak fondsinsameling het ons erelid Hannie Dicks een van haar skilderye geskenk en kon ons 'n stewige bedraggie in die bank sit. June Beukman is 'n baie gelukkige wenner.

\- Ina van Biljon, Skakelbeampte



**SKAKELWERK**

Die tema Herskryf jou Verhaal het ons Overvaalstreekskakelbeamptes ook gemotiveer om die Skakelwerkhandleiding meer verstaanbaar te maak vir al die skakelbeamptes in hulle pos.

Ons het een oggend koppe bymekaar gesit en voor die middag het Elma Human al ons insette bymekaar gesit, daar was baie gekrabbel, doodgetrek en uitgehaal tot almal tevrede was.

Die finale veranderings sal nou aangebring word en binnekort ontvang elke skakelbeampte 'n nuwe handleiding

Baie dankie aan almal wat deel was van die nuwe handleiding wat op pad is.

- Diana Keulder, Overvaal-skakelbeampte



*Agter: Hannetjie Nolte (Goue Suide) Ronel de Greeve (Witwatersrand), Diana Keulder & Cornel Rothmann (Pretoria) Voor: Anna-Marie Axer (Goudrif), Elma Human (Jakaranda)*

**UB BY PURPLE POSY**

Om voor te loop in VLU Overvaal is 'n voorreg maar ook 'n groot verantwoordelikheid. Daarom het die Uitvoerende Bestuur by Nita Fourie van Purple Posy gaan kers op steek. Nita is nie net die laventel-vrou wat ons laat lekker ruik nie, sy is ook 'n ervare lewensafrigter.

Ons het gesels oor selfsiening en leierskap. Om 'n goeie leier te wees, is dit noodsaaklik dat jy jouself ken. As jy wag vir iemand om jou lewe te kom verander moet jy net in die spieël kyk, aangesien ons verantwoordelik is vir ons eie keuses, besluite en optrede. Ons is geneig om die negatiewe te bly voer en te vergeet van die positiewe wat ons daagliks omring. Die grootste les is egter dat leiers ferm maar met deernis en bedagsaamheid en nie met ego moet lei nie.



*Links: Diana Keulder met 'n nuwe kapsel, Ronél Lombaard, Heléne Richter, Sally Ferreira, Nina Nel wat nou beter kan sien, Almarie vd Berg agter wat nie gesien wil word nie, Mercia Coetzee deur die blare (laventel), Adri van Niekerk goed gekamoefleer, Elize Coetzee & Barbara Nell.*

**AFSLAG VIR PENSIOENTREKKERS BO 60 JARIGE OUDERDOM** *(neem identiteitsdokumente saam)*

- BUILDERS WAREHOUSE 10% elke Woensdag
- GAME 10% elke Woensdag (aankope bo R3000)
- MAKRO 10% elke Dinsdag op handelsware en 5% op meeste voedselprodukte
- PICK & PAY op Woensdae kry dubbel "SmartPoints" met Pick & Pay kaart
- CLICKS elke 2de Woensdag kry dubbel "Senior Points" met Clicks kaart
- DISCHEM 60 Plus Program vir seniors ouer as 60. Die voordele sluit in dubbel punte op aankope op Woensdae plus ander voordele.

ANDER AFSLAGVOORDELE:

- Eiendomstariewekorting tussen 40% en 100% afhangende van omstandighede
- AA: Spesiale ledegeldpakket teen afslagtarief.
- SPEC-SAVERS OOGARTS Gratis R599-raam met oogtoets en voorskriflense (bo 65 jr)
- TORGA OOGARTS Elke dag pensionarispakket, R1200 oogtoets, lense en raam
- GREYHOUD BUSDIENS 15% vir kaartjies buite seisoen
- INTERCAPE 15% met ID om ouderdom te bewys tydens kaartjieaankope
- INTERCITY 5% met ID as ouderdomsbewys
- NEW METRO - 'n verskeidenheid afslagpryse behalwe op Woensdae (doen navraag)
- STER KINEKOR 25% afslag elke dag aan STER KINEKOR KLUBLEDE
- BARNYARD TEATER 50% afslag vir Sondag - middagvertonings

Daar is nog vele instansies wat aanbiedinge het. Doen navraag sover jy gaan.

*- Hannetjie Nolte, Skakelbeampte, Goue Suide*

*(Daar moet darem voordele wees aan ouer word - Red)*



# KOMPETISIERIGLYNE 2024

## ENIGE VOLTOOIDE ARTIKEL WAT ARGITEKTONIESE BORDUURWERK UITBEELD.

Die kenmerk daarvan is dat die strukture omlyn word met donkerder/kontras kleur borduurgare en dan word detail met kleur aangebring. Die hele struktuur/strukture kan ook met kleur ingevul word. Agtergrondmateriaal kan enige gepaste kleur wees. Muurprente kan gemonteer word maar geen rame of glas is toelaatbaar nie.

**WENKE.**

1. Onder **ARGITEKTONIESE BORDUURWERK** val die volgende: Alle onbeweeglike geboue of strukture van mensgemaakte aard sowel as dele van sulke strukture soos gewels, torings, boë en skoorstene. Ook strukture wat gewig dra of van nut is maar nie deur mense bewoon word nie soos brûe, torings, silo's, damme en tonnels.
2. **MATERIAAL:** Stewige materiaal word aanbeveel.
3. **BORDUURGARE:** Enige gare kan gebruik word.
4. **NAALDE:** Enige naalde wat geskik is vir die materiaal.
5. **BORDUURRAAM EN DEKLAPPIE:** Word aanbeveel.
6. **BORDUURSTEKE:** Eie keuse en word bepaal deur jou ontwerp. Gewoonlik word 5 tot 7 steke aanbeveel. Die volgende steke kan gebruik word maar is nie verpligtend nie:
    - Agtersteek of stamsteek.
    - Kettingsteke en variasies daarvan.
    - Splitsteek.
    - Franse knopies.
    - Satynsteek.
    - Reguitsteek. Enige lengte maar verkieslik nie langer as 1cm nie.
    - Kort- en langsteek.
    - Kruisstekies.
7. **ONTHOU:** Eenvoud is beter, so maak wyse keuses.
8. **DIE EFFEK** van argitektoniese borduurwerk word verkry deur die geboue of strukture merendeels met 'n kontraskleur te omlyn. Dit gee karakter aan die werk.

9 Pasop dat die gekleurde argitektoniese werk nie in 'n oppervlaksteekborduurwerk verander nie, want dan verloor die werk sy karakter.

10 Die blomme, bome en ander byvoegings moet min wees. Die geboue/strukture moet oorheers.

11 **AFWERKING:**

Muurprente word gespan en gemonteer. Geen rame of glas is toelaatbaar nie.

Ander artikels soos kussings of kledingstukke moet voldoen aan die naaldwerkvereistes volgens die beoordelaarshandleidings.



12. Neem grootte in ag aangesien artikels vervoer moet word.

Lekker borduur.
**Nicoline le Roux. 082 933 6830**

## ANY COMPLETED ARTICLE IN ARCHITECTURAL EMBROIDERY

The characteristics are that the outlines of the structure(s) are done with a darker/contrasting embroidery thread and the detail in the design in colour. Embroidery may be mounted but no frames or glass are allowed.

**HINTS:**

1. **ARCHITECTURAL EMBROIDERY** includes all immovable, human made constructions and structures as well as parts of such structures such as gables, arches, and chimneys. Also structures that are built for bearing weight and are not occupied by humans e.g., bridges, towers, silos, dams and tunnels.
2. **FABRICS:** A firmly woven fabric is recommended.
3. **EMBROIDERY THREAD:** Any thread can be used.
4. **NEEDLES:** Any suitable needle may be used.
5. **EMBROIDERY FRAME AND COVER CLOTH:** Recommended.
6. **EMBROIDERY STITCHES:** Your choice. The stitches are determined by your design. The following stitches are recommended but not compulsory:
    - Back stitch and stem stitch.
    - Chain stitch and variations.
    - Lazy daisy stitch.
    - Split stitch.
    - French knots.
    - Satin stitch.
    - Straight stitch/running stitch. Stitch lengths of 1cm or shorter are recommended.
    - Long and short stitch.
    - Cross stitch.

7. **REMEMBER**: simplicity is better, choose wisely.

8. It is THE CONTRASTING THREAD OUTLINES that give Architectural embroidery its character.

9. Make sure that coloured architectural work maintains the character of the embroidery as required and that it does not become surface stitched embroidery.

10. The flowers, trees and accessories must be kept to the minimum and not overshadow the structures.

11. **PRESENTATION:** Murals must be stretched and mounted. No frames or glass allowed.

Other articles such as cushions or clothing must comply to the machine work requirements as per the judging manual.



12. Take into consideration the size of the article as it needs to be transported.

Enjoy your embroidery.
**Nicoline le Roux.**
**082 933 6830**

**OVERVAAL BORDUURMASJIENWERK**
**SKINKBORDLAP**

**BEWOORDING:** Maak 'n skinkbordlap met enige tegniek/e met die borduurmasjien. Voering opsioneel. Geen wattersel mag gebruik word nie.

1. **VOORKOMS EN AANBIEDING:** 'n Skinkbordlap kan ovaal, rond of enige ander fatsoen wees afhangende van die fatsoen van die skinkbord woorop dit gebruik gaan word. Vir 'n reghoekige of ovaal skinkbordlap word die verhouding 2:3 aanbeveel. LET WEL: DIT IS 'N AANBEVELING EN NIE 'N VEREISTE NIE. DIT MOET OP JOU SKINKBORD PAS. Eenrigtingontwerpe word nie aanbeveel vir hierdie artikel nie aangesien daar van vier kante af bedien word. Tegnieke met verhewe gedeeltes moet nie gebruik word nie aangesien dit 'n oneweredige oppervlak teweeg bring. Kies die randafwerking met groot omsigtigheid want dit gaan bydra tot die geslaagdheid van die artikel.
2. Die borduurwerk met die borduurmasjien word beoordeel, maar die totale artikel is deel van die voorkoms en aanbieding, so die afwerking van die artikel word ook beoordeel.
3. **PUNTESKAAL:** Voorkoms – 50, werksgehalte – 50.
4. **UITVOERING:** Beplan die artikel goed aangesien lostrek nie gewens is nie. Ingeboude borduurmotiewe of motiewe wat op die internet aangekoop word kan gebruik word. Snywerk, appliekwerk, ens. mag ook gebruik word. Siersteke op die naaimasjien is nie hier toelaatbaar nie.
5. Steekdigtheid moet aanpas by die tekstielstof. Korrekte spanning is hier van groot belang. So ook die **korrekte stabiliseerders.**
6. **PLASING:** Plasing van ontwerpe is hier baie belangrik. Spieëlbeeldontwerpe moet perfek oormekaar geplaas word en moet waarde toevoeg tot die artikel. Let hier op veral na verhouding van die artikel se grootte en die ontwerp se grootte.
7. Buitelyne van die motiewe moet mooi pas op die ontwerp. Korrekte stabiliseerders, materiaalkeuse en spanmetode dra hiertoe by. Waak teen blink spanmerke.
8. **MATERIAAL EN GARING:** Ontwerpe moet geskik wees vir die artikel en aanpas by die tekstielstof wat gebruik word. Dus gaan die digtheid van die borduurwerk en materiaal ook 'n groot rol speel. Kies 'n tekstielstof wat geskik is vir die artikel, bv. katoen of satyn. Waak teen die gebruik van "Mini mat", dit rek maklik in die raam en lewer selde 'n goeie resultaat. Siergarings en metaalgarings kan gebruik word. Steekspanning is baie belangrik.
9. **AFWERKING:** Knip alle springdrade netjies aan die voor- en agterkant af. Verwyder stabiliseerder netjies volgens die soort stabiliseerder. Moenie seep gebruik by verwydering nie.

Geniet die artikel.

**Emma Pretrorius. 072 944 0230**

**OVERVAAL EMBROIDERY MACHINE WORK**
**TRAY CLOTH**

**REQUIREMENTS:** Sew a tray cloth using any embroidery machine technique/s. Lining is optional. No batting may be used.

1. **APPEARANCE AND PRESENTATION:** A tray cloth can be oval, round, rectangular or any other shape depending on the shape of the tray on which it will be used.

   For a rectangular or oval cloth, the recommended proportions are 2:3. PLEASE NOTE THAT THIS IS A RECOMMENDATION AND NOT A SPECIFIC REQUIREMENT – THE TRAY CLOTH MUST FIT YOUR TRAY.

   Uni directional designs are not recommended for a tray cloth as serving can be from all four corners.

   Do not use techniques that form raised ridges that will result in an uneven surface.

   Take particular care when choosing the edge finishing, it should be suitable and enhance the article.

   Whilst the embroidery work done with the embroidery machine is specifically judged, the complete article will also be judged for appearance and presentation.

2. **SCALE OF MARKS**:

   Appearance - 50. Workmanship - 50

3. **EXECUTION**: Plan your article well – unpicking is not easy and leaves marks.

   Motives built into the embroidery machine or motives purchased on the internet can be used. Cut work, applique and other techniques can also be used.

   Decorative stitches on a sewing machine may not be used.

   The stitch density of the motive must be adjusted to suit the fabric used for the tray cloth.

   Correct stitch tension is imperative.

   Use the correct stabilizer.

   Placement of motives must be correct; mirror images must be placed exactly opposite one another. Motives must enhance the article. Proportions: size of article and size of motives.

   Outlines of motives must fit perfectly on the design. This can be achieved by using the correct stabilizer, choosing suitable fabric and use the correct way to hoop up the fabric and stabilizer. Guard against shiny stretch marks.

4. **FABRIC AND THREAD:** Choose a suitable fabric for the article e.g., cotton or satin. 'Mini mat' stretches in the frame and the results are seldom successful.

   Decorative and metallic embroidery threads can be used. Use the correct stitch tension.

5. **FINISHING**: Cut and remove all jumping stitches, on the front and back of the motives

   Neatly remove the stabilizer, using the correct method for the type of stabilizer. Do not use soap during this process.

   Have fun creating this article.

   **Emma Pretorius – 072 944 0230**



## OVERVAAL MASJIENWERK
## OORTREKSEL VIR ELEKTRIESE APPARAAT

**Bewoording:**

Masjiengemaakte oortreksel vir enige elektriese apparaat in die huis.

**VOORKOMS: 50%**

**Wenke:**

1. **Verhouding:** Die oortreksel moet die apparaat goed bedek. Dit moet maklik afgehaal en teruggeplaas kan word
2. **Materiaal:** Duursaam. Gebruik verstewiging asook voering indien nodig wat by materiaalkeuse pas.
3. **Gare:** Gebruik goeie gehalte stik- en omkapgare wat pas by materiaalkeuse. Kleur dieselfde as materiaal, anders eerder donkerder as ligter.
4. **Tooisels:** Moet pas by die oortreksel sowel as die materiaal keuse. Voorbeelde van tooisels: Laslap-, kwilt- en appliekwerk. Masjien- en vryhandborduurwerk. Sier- en dubbelnaaldstiksels, asook opnaaisels. Skuinsband, koorde en kant.

**WERKSGEHALTE:50%**

**Krimp** materiaal indien nodig.

1. **Uitknip:** Let op draadrigting en materiaalontwerp, bv. blokke en strepe. Knip skuinsband op die ware skuinste.
2. **Stikwerk:** Gebruik die naaimasjien optimaal en die omkap-, kwilt en borduurmasjien bykomend.
3. **Steeklengte**: Moet pas by die dikte van die materiaal.
4. **Nate, some en afwerking**: Keuse, breedte en konstruksie sal bepaal word deur die keuse van die oortreksel asook materiaal.

**Nasorg:** Pars oordeelkundig. Verwyder alle los drade en merklyne.

**Marie Steyn** **081 041 2228**

## OVERVAAL MACHINE WORK
## COVER FOR ELECTRICAL APPLIANCE

**Requirements:** Using your sewing machine, create a cover for any electrical appliance in your home.

**APPEARANCE: 50%**

**Suggestions:**

1. **Size**: The cover must fit the appliance well and it should be easy to remove and to replace it.
2. **Fabric**: Use a good durable fabric. Use suitable stiffening and lining if required.
3. **Thread**: Use good quality sewing and overlocking threads that are suitable for the choice of fabric. The colour should match the colour of the fabric or use a darker colour.
4. **Trimmings**: Must match the type of cover as well as the fabric used. Trimming examples: Patchwork, quilting and appliqué. Machine and freestyle embroidery. Decorative and double needle stitching including tucks. Bias binding, cords, braids and lace.

**WORKMANSHIP: 50%**

**Preshrink**: If necessary, preshrink fabric before use.

1. **Cutting out**: Take note of the direction of the grain and the design on the fabric, e.g. checks and stripes. Cut bias binding on the true bias.
2. S**ewing**: Make optimal use of the standard sewing machine. Overlock-, quilt and embroidery machines may be used to a lesser extent.
3. **Stitch length:** The stitch length must be suited to the type and thickness of the fabric.
4. **Seams, hems and finishing:** The choice and width of seams and hems used in the construction of the cover will be determined by the type of cover and the choice of fabric.

**After care:** Press the cover judiciously. Remove all marking lines and loose threads.

**Marie Steyn** **081 041 2228**










## TRUI IN NOORWEEGSE BREIWERK

**Bewoording:** ‘n Oopknoop- of toetrui, met lang moue, in enige grootte met ‘n skouerstuk in Noorweegse breistyl.

1. **STYL EN PASSING:** ‘n Oop- of oortrektrui met lang moue gebrei in Noorweegse styl oor die skouerstuk. Dit word verkry deur een of meer kleure by die hoofkleur te voeg wat dan ‘n eiesoortige patroon oor die skouer vorm.
2. **VERHOUDING:** Let op die verhouding t.o.v. lengte, breedte en nekopening van die trui asook van die moue.
3. **PATROONSTEKE:** Die trui word in koussteek gebrei, behalwe die riffelrande. Die Noorweegse patroontegniek vereis dat die drade agter van die een patroon na die volgende gaan en ingebrei word soos by Fair Isle. Geen lang lusse mag agter sigbaar wees nie.
4. **BREIGARE EN KLEUR:** Breigare en kleur is eie keuse. Die verskillende kleurkeuses van die skouerstuk en trui moet mekaar komplementeer.
5. **SPANNING:** Die spanning moet egalig en elasties wees. Die breigare wat agter oorgedra word by die Noorweegse patroonsteek sal veroorsaak dat die spanning effens stywer is.
6. **AAN- EN AFHEGTING:** Die aan- en afhegting moet netjies en elasties wees.
7. **NATE:** Nate moet netjies, elasties en so plat moontlik wees. Dit moet ook nie inkeep by die beginpunte nie.
8. **VASMAKERS:** Vasmakers moet die trui komplementeer.
9. **PARSWERK:** Pars oordeelkundig. Gebruik liefs die handdoekmetode.
10. **AANBIEDING:** Die trui moet netjies en skoon vertoon.

**Tutti Rudman 082 376 6994**

## JERSEY IN NORDIC KNITTING STYLE


**Requirements:** Jersey or pullover with long sleeves and a round circular yoke knitted in the Nordic style.

1. **STYLE AND FIT:** Jersey or pullover with long sleeves and Nordic style yoke. It is an open or closed jersey with a round circular yoke. The characteristic Nordic pattern is achieved by adding one or more colours to the main colour.
2. **PROPORTIONS:** Pay attention to the following proportions: length, width, neck opening as well as the sleeves.
3. **PATTERN STITCHES:** The jersey/pullover is knitted in stocking stitch except for the ribbings. The Nordic pattern technique requires that the treads be carried from one motive to another, and that they be woven in at the back as per the Fair Isle technique. There should be no loops on the reverse side.
4. **YARN AND COLOUR:** Yarn and colour own choice. The choice of colours for the yoke pattern and for the body of the jersey must be complementary.
5. **TENSION:** The tension must be even and elastic. The tension at the Nordic knitting technique will be firmer than that of the ordinary knitting because of the threads woven in at the back.
6. **CASTING ON AND OFF:** The cast-on and cast-off edges must be neat and elastic.
7. **SEAMS:** Seams should be neat, elastic and as flat as possible.
8. **FASTENERS:** The choice of fasteners should complement the article.
9. **PRESSING:** Press with care. Rather make use of the towel method.
10. **PRESENTATION:** The garment should be neat and clean.

**Tutti Rudman 082 376 6994**













## IERSE HEKELWERK

**BEWOORDING:** Enige artikel in Ierse hekelwerk.

Hekel enige artikel in Ierse hekelwerk. Gebruik geskikte hekeldrade om 'n eietydse voorkoms te skep. Geen rame of glas word toegelaat nie.

Slegs voltooide artikels.

1. **KONSTRUKSIE:** In Ierse hekelwerk word motiewe soos blomme, blare, ens. afsonderlik gehekel. Die motiewe word dan vry met mekaar verbind deur kettingsteeklusse of dit kan op 'n gehekelde netbasis vasgewerk word óf 'n kombinasie van die twee metodes.
2. **HEKELDRAAD:** Enige draad en kleurskema kan gebruik word.
3. **ARTIKEL:** Enige artikel kan gehekel word bv. kussingoortreksel, kraag, baadjie, gordyn, serp, juwele, deken, ens.
4. **WENK:** Wanneer 'n kledingstuk gehekel word maak die baadjie of bloes bv. van 'n stewige materiaal soos ongebleikte linne. Hekel die motiewe en ryg dit vas op die patroon. Die patroondele kan dan met kettingsteeklusse van verskillende lengtes aanmekaar gehekel word. Hierdie metode kan vir enige artikel gebruik word.

   Werk drade stewig weg.

   Enige kleurskema kan gebruik word.
5. **PARSWERK:** Doen parswerk slegs deur die artikel uit te speld op 'n klam handdoek. Bedek met 'n ander klam handdoek en laat droog word.

GEEN PARSWERK MET 'N STRYKYSTER NIE.

**Corné Gaspar      083 415 4208**

## IRISH CROCHET

**REQUIREMENTS:** Any article in Irish Crochet.

Crochet any article in Irish Crochet. You may use any suitable yarn to create a contemporary appearance. No frames or glass are permitted. Must be a completed article.

1. **CONSTRUCTION:** Irish crochet is the crochet of individual motives of flowers, leaves, and many different shapes. These motives are freely joined by using chain stitch loops or the motives can be sewn onto a crochet net base or a combination of the two methods.
2. **CROCHET YARN:** Any yarn and colour combination may be used.
3. **ARTICLE:** Any article may be crocheted for example: cushion cover, collar, jacket, curtain, scarf, jewellery, bed spread, etc.
4. **HINT:** If you crochet a jacket or blouse or any other garment make a pattern out of calico or any other firm material. Crochet the motives and darn it onto the material pattern. The crochet motives are then joined by chain stitch loops of different lengths.

   This method can be used for any article.

   Sew ends of threads neatly away.
5. **PRESSING:** Press by pinning the article out on a damp towel. Cover with another damp towel and leave to dry.


NEVER PRESS CROCHET WORK WITH AN IRON.

**Corné Gaspar      083 415 4208**



















## MACRAMÉ

**BEWOORDING:** Enige voltooide artikel in macramé.

Macramé het sy ontstaan van 13de eeuse Arabiese wewers wat die enkeldrade van handgeweefde tekstielstowwe in  dekoratiewe fraïings omskep het deur dit op verskeie maniere te knoop.

**VEREISTES:**

1. Enige artikel in Macramé knoopwerk, bv. tafelloper, handsak, drasak, muurbehangsel.
2. Dikte van tou/gare sal afhang van die artikel.
3. Meer as een kleur tou/gare mag gebruik word.
4. Krale is toelaatbaar.
5. 30 cm van die tou wat gebruik is moet in ’n sakkie aan die artikel geheg word.

**Voorkoms 60%** **Werksgehalte 40%**

**ALGEMENE VEREISTES EN WENKE:**

1. Gebruik redelik styf getwynde tou/gare wat netjies knoop.
2. Gare/tou met ‘n egalige, gladde oppervlak word aanbeveel.
3. Dikte van gare/tou moet geskik wees vir die spesifieke artikel.
4. Wol of rekkerige tou word nie aanbeveel nie behalwe in geval van sekere kledingstukke.
5. Knope moet stewig wees en nie los glip nie.
6. Artikels moet liefs nie te groot wees nie. Dit bemoeilik hantering en beoordeling.
7. Gebruik ‘n verskeidenheid knope maar wees versigtig vir te veel.
8. Anker jou werk terwyl jy knoop om te verseker dat knope egalig en ewe groot is.
9. Kies kleure oordeelkundig en beplan goed om ‘n deurmekaar effek te verhoed.
10. Afwerking moet netjies wees

**RIGLYNE BY BEOORDELING:**

1. Keuse van tou/gare vir die spesifieke artikel.
2. Keuse en eweredigheid van knope.
3. Duursaamheid van konstruksie - knope is stewig en glip nie rond nie.
4. Aanbieding, kleurkeuse, versierings en verhoudings.
5. Algemene afwerking is netjies en effektief.

**Bettie Boshoff 082 335 7082**

**SAVLU Handleiding vir Handvlyt  p. 24 – 27**

## MACRAMÉ

**REQUIREMENTS:** Any completed article in macramé.

Macramé originated during the 13th century when Arabic weavers turned the end threads of their hand-woven textiles into decorative fringes. They used different methods to make these knots.

**CONSTRUCTION:**

1. Any article using Macramé knots, e.g. table runner, handbag, carry bag or wall hanging.
2. Thickness of the rope/cord/thread depends on the article.
3. More than one colour is allowed.
4. Beads may be used.
5. 30cm of the rope/cord used, must be placed in a small bag and attached to the article.

**Appearance 60%** **Quality of work 40%**

**GENERAL REQUIREMENTS AND TIPS**

1. Use thread/cord/rope with a reasonably tight twine/ twist to ensure neat knots.
2. Thread/rope with an even surface is recommended.
3. Thickness of thread must be suitable for the article.
4. Wool or stretchy thread are not recommended unless for making clothing.
5. Knots must be tight to prevent them from becoming loose.
6. Articles should preferably not be too big. It complicates handling and assessment.
7. Use a variety of knots but be cautious of too many.
8. Anchor your work while working to ensure even and same sized knots
9. Choose colours discerningly and plan the knots well to avoid a messy result.
10. Finishing must be neat.

**GUIDELINES FOR ASSESSMENT**

1. Choice of rope/thread with regards to the article.
2. Choice and proportionality of knots.
3. Durability of construction – knots are sturdy and don’t slip loose.
4. Presentation, colour choice, embellishments and proportions.
5. Finishing is neat and effective for the type of article

**Bettie Boshoff 082 335 7082**

**SAVLU Handleiding vir Handvlyt p. 24 - 27**







## OVERVAAL FOTOGRAFIE
## RUÏNES OP MY PAD

**TEMA: Ruïnes op my pad**

Die term **ruïne**s is afgelei van die Latyns '***ruere***' wat ineenstort beteken. In Afrikaans word dit ook bouval genoem en verwys na enige mensgemaakte struktuur. Die bouval ontstaan gewoonlik weens 'n gebrek aan instand-houding, natuurrampe of oorloë.

**VEREISTES**

1. Slegs kleurfoto's
2. A5 grootte – geen montering
3. Plak op A4 grootte kartonbasis
4. Plaas in 'n liasseersakkie.
5. Foto's mag digitaal verbeter word, bv. helderheid of kontras
6. Manipulasie word NIE toegelaat nie, m.a.w. geen digitale verskuiwing, byvoeging of verwydering word toegelaat nie.

**WENKE**

1. Die landskapformaat is 'n goeie keuse vir 'n ruïne maar is nie verpligtend nie.
2. Hou die reël van derdes in gedagte, beide horisontaal en vertikaal.
3. Ruïnes is staties maar nie noodwendig die landskap rondom dit nie - beplan goed.
4. Hoewel die ruïne die fokuspunt is, is addisionele objekte aanvaarbaar – droë bome, gebreekte beelde of potte kan bydra tot diepte, die storie wat dit vertel of die boodskap wat dit bring.
5. Beweeg rondom die struktuur om die beste hoek vir die skoot te bepaal.
6. Maak gebruik van "framing" om jou foto meer trefkrag te gee.
7. Ruïnes laat ruimte om met teksture en kontras te speel. Maak gebruik daarvan.
8. Gebruik 'n driepoot indien moontlik.

**RIGLYNE BY BEOORDELING**

| | | |
|---|---|---|
| Beligting | Impak (emosie) | Gepastheid van onderwerp |
| Komposisie | Storievertelling | Tegniese uitnemendheid |
| Kreatiwiteit | Kleur en balans | Fokus en diepte |

**AANBIEDING**

'n Klein koevertjie met 'n papiertjie daarin wat jou naam, tak en streek bevat, moet op die agterkant van die foto vasgeplak word.

**- Bettie Boshoff 082 335 7082**

**Bronne: SAVLU Handleiding vir Handvlyt p. 62 – 63**
Addisionele inligting: Aidan Murgatroyd (Internasionale Skone Kunste Fotograaf)



## OVERVAAL PHOTOGRAPHY
## RUINS ON MY WAY

**THEME: Ruins on my way**

The term ruin is derived from the Latin '***ruere'*** which means collapse. In English it refers to a man-made dilapidated structure. The decay or dilapidation may be a result of poor maintenance, natural disasters or wars.

**REQUIREMENTS**

1. Colour photos only
2. A5 size – no mounting
3. Stick to A4 card stock
4. Place in a plastic filing pocket
5. Photos may be digitally improved, e.g., brightness or contrast
6. No manipulation such as digitally moving, adding or removing of objects, is allowed.

**GUIDELINES**

1. The landscape format is a good choice for the ruin photo but is not mandatory.
2. Keep the rule of thirds in mind, both horizontally and vertically.
3. A ruin itself is static but not necessarily the landscape around it, so plan well.
4. Although the ruin is the point of focus, additional objects are acceptable – green plants, dry trees, broken statues or pots may contribute to depth, the story told or the message it conveys.
5. Move around the structure to find the best angle from where to take the photo.
6. Use the framing technique to create more impact.
7. Ruins allow the photographer to play with contrast and texture. Take this opportunity.
8. Use a tripod if possible.

**GUIDELINES FOR JUDGING**

| | | |
|---|---|---|
| Lighting | Impact (emotion) | Appropriateness of topic |
| Composition | Storytelling | Technical excellence |
| Focus and depth | Creativity | Colour and balance |

**PRESENTATION**

A small envelope containing your name, branch and region must be attached to the back of the photo.

**Bettie Boshoff (082 335 7082)**

**Resources: SAVLU Handleiding vir Handvlyt p. 62 – 63**

Additional information: Aidan Murgatroyd (International Fine Arts Photographer)



## OVERVAAL DRAWING
## STILL LIFE DRAWING WITH COLOURED PENCILS

**REQUIREMENTS:** The still life drawing done on A4 paper in colour pencils and mounted on an A3 mounting board.

No frame or glass is allowed.

You may protect your artwork with a thick sheet of plastic that is fastened to the back of the mounting board.

**Appearance:** 60% **Workmanship:** 40%

**Definition:** From Wikipedia, the free encyclopaedia

A **still life** (also known by its French title, '*nature morte*' art-work is a piece that features an arrangement of inanimate objects as its subject. Usually, these items are set on a table and often include organic objects like fruit and flowers and household items like glassware and textiles.

The term "still life" is derived from the Dutch word s*tilleven*, which gained prominence during the 16th century. While it was during this time that the still life gained recognition as a genre, its roots date back to ancient times.

Most still lives can be placed into one of **four categories**: flowers, banquet or breakfast, animal(s), and symbolic. While most of these types are self-explanatory—flower pieces tend to focus on bouquets or vases of full blooms and a banquet work features an array of food items—symbolic still lives can vary greatly.

In most cases, symbolic paintings use different objects to convey deeper meanings or narratives. This is best exemplified perhaps in *vanitas* painting: a genre of still life that focuses on the fleetingness of life.

A **still life** (plural: **still lives**) is a work of art depicting mostly inanimate subject matter, typically commonplace objects which are either natural (food, flowers, dead animals, plants, rocks, shells, etc.) or human-made (drinking glasses, books, vases, jewellery, coins, pipes, etc.).

With origins in the Middle Ages and Ancient Greco-Roman art, still life painting emerged as a distinct genre and professional specialization in Western painting by the late 16th century, and has remained significant since then. One advantage of the still life artform is that it allows an artist much freedom to experiment with the arrangement of elements within a composition of a painting. Still life, as a particular genre, began with Netherlandish painting of the 16th and 17th centuries, and the English term *still life* derives from the Dutch word *stilleven*. Early still life paintings, particularly before 1700, often contained religious and allegorical symbolism relating to the objects depicted. Later still life works are produced with a variety of media and technology, such as found objects, photography, computer graphics, as well as video and sound.

The term includes the painting of dead animals, especially game. Live ones are considered animal art, although in practice they were often painted from dead models. Because of the use of plants and animals as a subject, the still life category also shares commonalities with zoological and especially botanical illustration. However, with visual or fine art, the work is not intended merely to illustrate the subject correctly.

Still life occupied the lowest rung of the hierarchy of genres, but has been extremely popular with buyers. As well as the independent still-life subject, still life painting encompasses other types of painting with prominent still life elements, usually symbolic, and "images that rely on a multitude of still life elements ostensibly to reproduce a 'slice of life'". The *trompe-l'œil* painting, which intends to deceive the viewer into thinking the scene is real, is a specialized type of still life, usually showing inanimate and relatively flat objects.

**Guidelines:**

You may use any type of colour pencils, except aqua / water-colour pencils or pastels.

Soft colour pencils lay down colour easily and blend well.

Hard colour pencils are used for detail.

You may use textured or smooth drawing paper. Paper weight of at least 130g is advisable. Make sure that the paper is acid-free so that it won't yellow with age.

Textured paper however gives a better result, or final product.

Layering of colour, from light to dark, unless you need to swop it around for a special effect.

Blending sticks will smooth unwanted texture.

Use erasers with care so as not to damage your drawing.

## OVERVAAL TEKENKUNS
## STILLEWE MET KLEURPOTLODE

**BEWOORDING:** Die stillewe is 'n tekening op A4 in kleurpotlode gedoen en op A3 gemonteer.

Geen raam of glas is toelaatbaar nie.

Die tekening kan wel met dik plastiek, wat jy agter op die monteerkarton vasplak, bedek word.

**Voorkoms:** 60% **Werksgehalte:** 40%

**Definisie:** Volgens Wikipedia, die vrye ensiklopedie.

'n **Stillewe** (meervoud:**stillewes**) is 'n kunswerk wat tipies alledaagse/natuurlike voorwerpe uitbeeld, (kos, blomme, dooie diere, plante, klippe, skulpe). Dit kan ook lewelose/ mensgemaakte onderwerpe wees (glase, boeke, vase, juweliersware, muntstukke, pype).

Stillewe behels ook die skilder van dooie diere, veral wilde diere. Lewendige diere word as dierekuns beskou, alhoewel hulle ook meestal geverf word vanaf dooi modelle. Omdat stillewes plante en diere insluit as 'n onderwerp, is die stillewe-kategorie ook deel van botaniese illustrasies. Alhoewel, met visuele- of fynkuns, is die onderwerp nie daaraan onderworpe om korrek geïllustreer te word nie.

'n Stillewe:

- 'n Artistieke komposisie (skildery, tekening, foto) van roerlose of lewelose objekte, wat met sorg belig is.
- Deur 'n **stillewe** te skilder, kan 'n skilder konsentreer op die samestelling en op die gebruik van kleur en toonwaarde, die vloeiende onderskeid in kleurnuanses tussen die ligste en donkerste dele.

**WENKE:**

- Enige kleurpotlode mag gebruik word, behalwe waterverfpotlode. (Dus **nie** aqua pastelle of ander pastelle nie).
- Sagte kleurpotlode se kleur wend makliker aan op die papier en die kleure meng makliker met mekaar.
- Detail word weer makliker verkry met harder kleurpotlode.
- Tekstuurpapier of tekenpapier swaarder as 130g word aanbeveel, maar maak seker dat dit "acid-free" is, anders kan dit met tyd vergeel.
- Tekstuurpapier gee gewoonlik 'n beter resultaat.
- Begin laag op laag met kleur aanwending met jou ligter kleurpotlood, tensy jy 'n spesiale effek wil bereik deur dit andersom te doen.
- Gebruik "Blending sticks" om harde tekstuur lyne te versag.
- Werk versigtig met die verskillende tipes uitveërs sodat jy nie jou papier/ontwerp beskadig nie.

**Anneke Maurer 082 264 3358**

**OVERVAAL SKRYFKUNS**

**OP PAD**

**ONDERWERP: Op pad**

Die term **op pad** beteken 'onderweg wees', of 'besig om vervoer te word', of 'om vastrapplek te hê'. Ons is op pad (onderweg) na Kaapstad. Ons het op pad (onderweg) hierheen ˈn hond gesien. Jou bestelling is op pad (besig om vervoer te word).

**Vereistes**

- Skryfkuns vereis beplannning en samehang. Weet wat die doel van jou skryfstuk is. Beplan ˈn treffende inleiding, hoogtepunt en slot.
- Die inhoud en titel moet verwant wees. (M.a.w.: hou by die onderwerp!)
- Die inleiding moet kort en treffend wees.
- Die liggaam moet uit ongeveer 4 of 5 aaneenskakelende paragrawe bestaan, elk met ˈn hoofgedagte wat lei na die slot.
- Die slot kan ˈn verrassende ontknoping wees, maar moet finaliteit en bevrediging vir die leser bring.
- Spelfoute en sintaksfoute moet vermy word.
- **Aantal woorde:** 400 - 450 woorde, getik op ˈn A4 grootte papier. Dui die aantal woorde onderaan die skryfstuk aan. Leestekens tel nie.
- **Aanbieding:** ˈn Klein koevertjie met 'n papiertjie daarin wat jou naam, tak en streek bevat, moet op die agterkant van die A4 papier vasgeplak word. Die getikte bladsy/e word in 'n plastiese liasseersakkie geplaas.
- Lettertipe – Arial of Calibri.
- Lettergrootte: 12

**Wenke**


- Taalgebruik moet keurig, beeldryk en foutloos wees. Verskillende, funksionele leestekens en afwisselende lengte van sinne verhoog die skryfstuk se waarde.
- ˈn Skryfstuk wat verrassend, vars en uniek is, staan uit.
- Die gebruik van sintuie en verskillende werkwoorde is dikwels effektief in skryfwerk.
- Korrekte aanwending van humor is gewild.
- As jou skryfstuk 'n reisverhaal is, speel ruimte as't ware die hoofrol. "Op pad" kan egter ook een van die ander soorte opstelle wees.
- Laat die skrystuk ˈn ruk "rus", voordat jy proeflees en redigeer.

**Riglyne by beoordeling**

| Inhoud en beplanning: | Taal, styl, redigering: | Struktuur: |
|---|---|---|
| ⇒ Dit is uitstaande, hoogs oorspronklik, uitdagend, volwasse.<br>⇒ Dui die skryfstuk op deeglike beplanning?<br>⇒ Hou die skryfstuk by die onderwerp? | ⇒ Taalimpak. Gepaste figuurlike taal. Keurige woordkeuse.<br>⇒ Punktuasie - korrek en verskeidenheid gebruik?<br>⇒ Is sinskonstruksie korrek?<br>⇒ Hou paragrawe by ˈn hoofgedagte?<br>⇒ Is styl en toon geskik vir die onderwerp?<br>⇒ Is die taal en spelling foutloos na proeflees | ⇒ Samehangende ontwikkeling van die onderwerp.<br>⇒ Skep besonderhede. Is sinne en paragrawe samehangend saamgestel?<br>⇒ Is die skryfstuk korrek en in die verlangde lengte, getik aangebied? |

**Alta Lichtenstein 082 343 9436**

SAVLU Handleiding vir Handvlyt p.65 - 72



## OVERVAAL WRITING
## EN ROUTE

**SUBJECT: En route**

The phrase **en route** means ‘on the way’, or ‘whilst traveling’, or ‘in process of being delivered’. We are en route (on the way) to Cape Town. En route (whilst traveling) we saw a dog. Your delivery is en route (in process of being delivered).

**Requirements**

- Writing requires planning and coherence. Know the objective of your writing. Plan a striking introduction, climax and conclusion.
- The content should be related to the title. (In other words: stick to the topic!)
- The introduction should be short and striking.
- The body should consist of 4 or 5 paragraphs, each containing a main idea which together leads to the conclusion.
- The conclusion could have a surprising ending but should satisfy the reader.
- Spelling and syntax mistakes should be avoided.
- **Number of words:** 400 - 450 words, typed on A4 paper size. Indicate the number of words at the end. Punctuation marks are not counted.
- **Presentation:** A small envelope containing your name, branch and region must be attached to the back of the A4 paper. Place the typed page/s in a plastic filing pocket.
- Font type – Arial or Calibri.
- Font size: 12



**Guidelines:**

- Use language carefully and correctly.
- Figurative language and idiomatic expressions create atmosphere, enrich the characters, and entertain the reader.
- Varying functional punctuation marks and alternating length of sentences increase the value of creative writing.
- Creative writing stands out if it is surprising, new, and unique.
- Use senses effectively and use a variety of verbs.
- Humour is usually popular.
- If you write a travel story, space plays the main part. “En route” can also be one of the other types of essays.
- Leave your writing to rest before you review and edit.

**Guidelines for judging**

| Content and planning: | Grammer, style, editing: | Structure: |
|---|---|---|
| ⇒ It is outstanding, exceptionally original, challenging, mature.<br>⇒ Indicates the writing thorough planning?<br>⇒ Does the writing stick to the subject? | ⇒ Language impact. Appropriate figurative language. Exceptional choice of words.<br>⇒ Punctuation - correct and variety used?<br>⇒ Is syntax correct?<br>⇒ Do paragraphs stay with main idea?<br>⇒ Is style and tone applicable for the subject?<br>⇒ Are language and spelling mistakes avoided after proofing and | ⇒ Coherent development of subject.<br>⇒ Create detail. Are sentences and paragraphs coherent?<br>⇒ Is writing correct and within required word count and typed? |

**Alta Lichtenstein 082 343 9436**

SAVLU Handleiding vir Handvlyt p.65 - 72

## OVERVAAL HEKELWERK BEGINNERS EN SKOLIERE
## OUMABLOKKIE



**BEWOORDING:** Hekel enige artikel in oumablokkies.

**VOORKOMS 50 punte**


- Enige voltooide artikel in oumablokkies gehekel en met goeie verhoudings. Blokkies is gewoonlik vierkantig en kan enige grootte wees.
- Die artikel behoort uit ten minste 80% blokkies bestaan. 20% ander hekelwerk en versierings volgens die keuse van die artikel. 'n Eenvoudiger artikel met goed uitgevoerde tegnieke is dikwels meer verdienstelik as 'n ingewikkelder artikel waar tegnieke nie bemeester is nie.
- Patroon en patroonsteek is eie keuse. 'n Enkele patroonsteek bv. langbene kan gebruik word of 'n verskeidenheid ander patroonsteke. Blokkies kan kantagtig of dig wees. Die blokkies kan aanmekaar gehekel óf gewerk word.
- Hekeldraad is eie keuse en moet geskik wees vir die artikel.
- Kleurkombinasie is eie keuse. Hierdie tipe blokkies bestaan gewoonlik uit 'n kombinasie van verskillende kleure maar effekleurige blokkies is ook toelaatbaar.



- Tooisels moet stewig geheg en verkieslik gehekel wees. 10% ander tooisels as hekelwerk, kan gebruik word.
- Waar van toepassing behoort 'n randafwerking gebruik word om die hekelwerk af te rond en te verseker dat die artikel sy vorm behou.

**WERKGEHALTE: 50 punte**

- 'n Egalige, effens elastiese, stewig maar nie te stywe hekelspanning, word vereis. 'n Goeie spanning verseker dat al die blokkies ewe groot sal wees.
- Maak seker dat die nate waar die blokkies aanmekaar gehekel of vasgewerk word, nie te styf is nie en gevolglik blaserig vertoon.
- By vierkantige of hoekige blokkies geskied vermeerdering gewoonlik by die hoeke.




- Middelopeninge van blokkies behoort almal ewe groot te wees.
- Waar verskillende kleure gebruik word, is dit nodig dat alle los drade onsigbaar weggewerk sal word. Dikker hekelgare kan los getwyn (ge'split') word en dan so weggewerk word sonder verdikking.
- Die voltooide artikel behoort netjies afgewerk te wees, geen los garingdrade vertoon nie en sy vorm goed behou.

**WENKE**



- Die spanning van hekelwerk word bepaal deur die dikte van die hekelpen, die dikte van die hekelgare of hekeldraad en die persoonlike hekelspanning van die individu. Hekel dus altyd eers 'n monsterblokkie of -blokkies totdat die spanning voldoen aan die vereistes.
- Ontwikkel 'n egalige hekelritme sodat 'n egaliger spanning verkry word.
- Moenie die hekelpen in die hekelwerk steek wanneer jy vir eers ophou hekel nie.
- Wanneer daar volgens 'n hekelpatroon gehekel word, is dit nodig om verskeie diktes hekelpenne te toets sodat die verlangde spanning soos in die patroon aangedui, verkry word. Dit waarborg 'n suksesvolle artikel.
- Koop genoegsame hekelgare in die verskillende kleure om die artikel te kan voltooi. Kyk veral na die kleurkode/naam van die gare en die reeksnommer – die 'lot' kode.
- Artikels moet skoon en fris vertoon, dit beteken dat die artikel nie gebruik moet vertoon of merkies op hê nie. Draai die hekelwerk waaraan gewerk word in 'n handdoekie toe. Sorg ook dat hande elke keer gewas word alvorens daar gehekel word.
- Goeie beplanning is nodig alvorens met die projek begin word. Volg aanwysings van verskillende tegnieke op webwerwe soos onder andere Pinterest of YouTube. Daar is waardevolle inligting en video's op die internet.



**ADDISIONELE INLIGTING**

Dit is moontlik om kursusse/werkswinkels in hekelwerk aan te bied vir beginners en skoliere wat belangstel en wil deelneem.

Overvaal beskik oor verskeie opgeleide beoordelaars wat vir advies genader kan word.

**Navrae: Amari Haumann 083 693 0319**

**OVERVAAL HANDVLYT - JEUGARTIKEL**
**BOEKOORTREKSEL**

**BEWOORDING**: Maak 'n boekoortreksel in enige medium.

Enige tipe oortreksel mag gemaak word solank dit binne die reëls van handvlyt val. Dit kan 'n plastiekomhulsel wees, 'n hout of karton voor- en agterkant soos by scrapbooking, ens. Hou in gedagte dat masjien-, borduur-, brei- en hekelwerk nie hier toelaatbaar is nie, maar wel enkele elemente daarvan.




**VOORKOMS:** **60 %**

Let op na die volgende:

- Algemene ontwerp en grootte.
- Die gebruik van ontwerp en kunsbeginsels.
- Elemente van ontwerp: Lyn, vorm, kleur en tekstuur.
- Kunsbeginsels: Harmonie, verhouding, ritme, balans en nadruk (fokuspunt)
- Materiaal wat gebruik word moet geskik wees vir die projek.
- Geskiktheid van kleur, variasie en balans.
- Algemene estetiese waarde.
- Bruikbaarheid van artikel.
- Wyse van aanbieding.




**WERKSGEHALTE:** **40%**

- Netheid en vaardigheid ten opsigte van konstruksie.
- Korrektheid en duursaamheid van konstruksie.
- Algemene afwerking.

**ALGEMENE WENKE:**

Hou alle kunsbeginsels in gedagte om 'n mooi en bruikbare artikel te skep. Enige tegniek mag gebruik word om die boekoortreksel te versier. Tegnieke wat byvoorbeeld gebruik kan word is découpage, servetdécoupage, piouter, scrapbook, multimedia, en verskillende soorte verftegnieke. Onthou net dat enige tegniek wat gebruik word, korrek uitgevoer moet word. Elke tegniek word volgens sy eie konstruksiemetodes beoordeel.
'n Goeie ontwerp handhaaf 'n hoë standaard van vakmanskap.
Eenvoud is altyd treffend. Waak dus teen 'n te besige artikel.
Verpak in bubble plastiek om nie te beskadig nie.

Jy is enige tyd welkom om my te skakel vir raad of indien iets onduidelik is.

Geniet hierdie uitdaging.

**Emma Pretorius**

**072 944 0230**



**LUGBRAAIERS (AIRFRYERS) - FOUTE EN WENKE**

Die vraag op almal se lippe is "moet ek in 'n lugbraaier belê of moet ek nie in 'n lugbraaier belê nie?"
Hier is 'n paar foute wat ons kan vermy en aanbevelings:

- **Belê in 'n goeie lugbraaier!** Hier is die gesegde "Goedkoop koop is duur koop" so waar.
  Kleiner lugbraaiers is volgens kenners nie die moeite werd nie. Belê eerder in 'n groter lugbraaier. Doen navorsing voordat jy in 'n lugbraaier belê.
- **Groter lugbraaiers** het groter mandjies en omdat die mandjie (basket) nie te vol gemaak moet word nie, is dit 'n beter opsie – halfvol is die aanbeveling.
  Vierkantige mandjies kan meer kos inpas as ronde mandjies.
- **Olie.**
  Belê in 'n goeie oliespuitbottel.
  Een of twee teelepels olie is genoeg.
  Gebruik olies met 'n hoë rookpunt. Advokado-olie is 'n goeie olie om te gebruik.
  Geroosterde aartappels kan liewer in sonneblomolie geroer word.
- Moenie die mandjie gedurende kookproses roer of skud nie. Stel jou lugbraaier vir die helfte van die kooktyd. Roer of skud mandjie en braai dan verder.
- Maak seker die kos is gaar. Dit is 'n groot verleentheid om rou kos op te dien.
- Om nie jou lugbraaier genoeg lug te gee nie, is 'n groot fout. Daar moet ten minste 20 cm spasie tussen jou lugbraaier en die muur wees. Die lugbraaier het lug nodig om behoorlik te funksioneer.
  Wanneer jou kombuisoppervlakte van hout is, moet jy dit ook beskerm.
- **Vetterige kos.** Jy het nie nodig om vetterige kos met olie te spuit nie. Smeer eerder die mandjie met bietjie olie.
- Om nie jou lugbraaier **skoon te maak** na elke gebruik nie, is uiters onwys. Indien jy nie jou lugbraaier skoonmaak nie sal die stukkies kos wat daarin agterbly brand en jou ander kos se smaak beïnvloed. Was net jou mandjie met warm seepwater. Meeste is ook skottelgoedwasserveilig maar beskerm eerder jou nie-kleefwerende lagie.
- Moenie **nat kosse** in jou lugbraaier gaarmaak nie. Maak vleissnitte met 'n papierhanddoek droog voordat jy dit in jou lugbraaier gaarmaak.
- **Pas jou resepte aan**! Die lugbraaiermandjie is baie kleiner as jou oond en daarom sal voedsel vinniger gaar word. Oorgaar is net so onsmaaklik as nie-gaar kos.
- Gebruik jou lugbraaier te **om kos op te warm**. Wanneer jy pizza, worsrolletjies of pasteitjies in die mikrogolfoond warm maak, word dit pap en sag. Die lugbraaier sal die krakerigheid behou en soos 'n varsgebakte produk laat uitkom.
- **Nuttige hulpmiddels.** Bakkies wat jy in jou oond kan gebruik, kan ook in 'n lugbraaier gebruik word soos bv. klein glasbakkies.
- Moet nooit waspapier (waxpaper) in jou lugbraaier gebruik nie - dit kan brand.
  Daar is wel papier wat jy mag gebruik maar ondervinding het my geleer dit belemmer die lugtoevoer. Dit is tog 'n lugbraaier.

- Ronel de Greeve, Witwatersrandstreekskakelbeampte

**Elaine Potgieter** het vertel dat haar eerste ontmoeting met 'n lugbraaier 15 jaar gelede gebeur het toe haar man siek geword het en hy niks vetterig mag geëet het nie. Sy noem dit 'n oond op steroide.

Hier volg 'n paar van Elaine se wenke:


- Voorverhit altyd die oond voor gebruik.
- Begin altyd jou grade op 180°C en verhoog soos nodig.
- Hou die temperatuur gereeld dop sodat die kos nie brand nie aangesien die oond baie vinniger is as 'n gewone groot oond.
- Enige soort bak wat nie smelt nie kan in die oond gebruik word, dieselfde bakke as in 'n groot oond.
- 'n Spuitbotteltjie met olie werk goed wanneer ons bv. aartappelskyfies bak of enigiets wat 'n bietjie olie nodig het.
- Aartappelskyfies – gebruik die "ovenbake"-tipe.
- Kook aartappels en patats eers 'n bietjie voordat jy dit in die oond bak.
- Kolwyntjies kan ook in hierdie oond gebak word.
- Gebruik gekrummelde Doritos i.p.v. broodkrummels.
- Gebruik 'n foeliebakkie vir enige gekrummelde voedsel of oondgebakte groente.
- Gebruik mayonnaise i.p.v. botter of margarien vir 'n geroosterde broodjie.
- Gooi 'n bietjie water in die bodem wanneer vetterige voedsel gaargemaak word.
- Skud die neute, skyfies, ensovoorts gereeld vir optimale bruin kleur.
- Moet nie die oond oorlaai nie.
- Die oond moet gereeld skoongemaak word. Gooi 'n klein bietjie water met skottelgoedseep in en verhit die oond vir ongeveer 2 minute. Die oond kom dan baie makliker skoon.

- Ericha Bezuidenhout, Carpe Diem

**DIE SUID AFRIKAANSE LUGBRAAIER KOOKBOEK** deur Louisa Holst

Met hierdie wonderlike nuwe boek, Die Suid-Afrikaanse Lugbraaier Kookboek 2, kan jy vriende en familie by ontbyt, middagete, aandete of enige spesiale geleentheid bederf met heerlike weergawes van klassieke Suid-Afrikaanse disse.

Louisa Holst weet wat die lugbraaiermark wil hê en het weer plaaslike geure na vore gebring! Resepte sluit in springbokkiekaaskoek, brandewyn-en-coke-hoendervlerkies, snoek-en appelkoosfilo-samoesas en 'n visvinger-Gatsby vir die honger kinders wat hulle self kan gaarmaak. Hoender-peri-peri-tert, gammon (ja - dit kan in die lugbraaier gedoen word), gebraaide lam, karringmelkbeskuit, pavlova en mini-vrugtekoeke is nog meer van die watertand geregte in die boek.




- Hannetjie Nolte
Skakelbeampte
Brackenhursttak

**LEKKER KRUIEBROODJIE**

500 g bruismeel

1 blik roomsuikermielies

½ teelepel sout

1 k gerasperde kaas

1 handvol grofgekapte basiliekruid

1 blik melk (Gebruik die leë mielieblik)

Metode:

Gooi alle bestanddele in mengbak, voeg die blik melk by en meng goed.

Spuit 'n klein broodpannetjie met "Spray & Cook", skep mengsel in en bak vir 1 uur by 180° C

---

**CHAKALAKABROODJIE**

500 ml koekmeel

10 ml bakpoeier

Sout & peper na smaak

4 eiers

140 g geblikte Chakalaka

125 ml gerasperde Cheddarkaas

Metode:

Voorverhit oond tot 180ºC.

Sif droë bestanddele saam.

Meng Chakalaka en eier saam en meng by droë bestanddele.

Skep deeg in 'n gesmeerde broodpannetjie en strooi kaas bo-oor.

Bak by 180ºC vir 45 minute.

- Naguile

**GIS– EN EIERVRYE BROOD**

Het jy dringend brood nodig maar kan nie by 'n winkel uitkom nie? Probeer hierdie 4-bestanddeel-broodresep.



Foto net ter illustrasie (Foto: Pixabay)

- 500 g koekmeel (nie brood- of volgraanmeel nie)
- 2 t bakpoeier
- 1 t sout
- 310 ml melk (sien wenk onderaan)

Metode:

1. Verhit die oond tot 210°C en plaas 'n bakplaat in die oond om te verhit.
2. Meng droë bestanddele. Roer melk by en meng totdat dit 'n deeg vorm.
3. Keer deeg uit op 'n werkoppervlak en knie die deeg tot sag en elasties.
4. Vorm die deeg in 'n ronde skyf van ongeveer 3cm dik. Sny twee gleuwe diep oorkruis in die bokant van die deeg. Dis belangrik! Moenie 'n ronde bol deeg vorm nie want dan bak dit nie in die middel nie.
5. Bak vir ongeveer 35 minute op die warm bakplaat tot ligbruin. As dit gaar is klink dit hol as jy die bodem klop.

Wenk: As jy nie melk het nie, gebruik poeiermelk, jogurt en water óf net water met 'n lepel olie of gesmelte botter as plaasvervanger.

Bron: Fuss Free Flavours

# Tee vir twee?

Nee wat, jy kan tee vir heelwat meer gebruik. Hier is 'n paar idees.

1 Kleur lap of papier met tee vir 'n verweerde, 'vergeelde' voorkoms. Gooi 'n sterk teebrousel in 'n bakplaat en laat die lap of papier daarin lê, of klad dit sommer met 'n nat teesakkie totdat jy die gewenste effek het. Jy kan rou hout ook so kleur.

2 'n Sprinkel teeblare op jou matte help om dit vars te hou – laat dit so 10 minute intrek voordat jy dit stofsuig.

3 Raak ontslae van 'n visreuk op jou hande deur dit met tee af te spoel.

4 Laat jou kar lekker ruik deur 'n sakkie met laventel- of 'n ander geurige soort tee onder die sitplek te hou.

5 Nat teesakkies kan sonbrand, ander ligte brandwonde en moeë oë streel.

6 Laat week jou voete so 20 minute elke dag in sterk tee as jy vermoed hulle ruik nie goed nie.

7 Laat marineer taai vleis in swart tee om dit sagter te maak.

8 Pepermenttee gemeng met 'n bietjie sout maak 'n goeie, natuurlike mondspoelmiddel.

9 Voed jou rose deur teeblare saam met 'n deklaag om die boompies te strooi en dit dan nat te maak.

10 Gee ook jou huisplante soos varings en ander plante wat van ryk, suur grond hou, 'n hupstoot deur dit af en toe 'n brousel tee pleks van water te gee.

BRON: NETWORX.COM

KONINGSHOENDERSLAAI
(Louise vd Heever)

2 gaar hoenders, ontbeen en in stukke gesny

Sous

15 ml olie
2 gekapte uie
15 ml kerriepoeier
10 ml tamatiepuree
1 lourierblaar
5 ml suurlemoen zest
15 ml suurlemoensap
15 ml appelkooskonfyt
Sout & rooipeper
125 ml droë rooiwyn
250 ml hoenderaftreksel
250 ml mayonnaise
125 ml geklitste room / Yogurt

Meng alles en siedaar!

- Marina Stoop , Monumentpark



Die prys en skaarsheid van HOENDER EN EIERS is deesdae die onderwerp van baie grappies maar dis steeds veelsydig, populêr en kan gerek word om baie mense kos te gee. Hier is drie wenresepte wat almal agterna wil hê!

**HOENDER & PASTA-DIS**

1. 1 kg gerookte hoenderfilette in blokkies gesny óf 1 gaar hoender, ontbeen en gevlok.
2. 250 g skroewe- of skulpiepasta tot net gaar gekook.
3. 1 groot ui fyngekap en tot ligbruin gebraai. Voeg die volgende hierby, kook vir 5 minute saam en laat dan afkoel:
   - 15 ml kerriepoeier
   - 250 ml tamatiesap
   - 50 ml appelkooskonfyt
   - 50 ml blatjang
4. Meng alles wanneer afgekoel met:
   - 300 ml mayonnaise
   - 100 ml room
   - 50 ml Parmesankaas



* Genoeg vir ongeveer 12 mense (vir honger mans dalk minder)

- Suzie Gerryts, Voorsitter, Magalieskruintak

**HOENDERDYE MET KAPPERTJIESAAD**

1 suurlemoen in ringe gesny
4 e kappertjiesaad gedreineer
1 t fyngedrukte vars knoffel
2 e witwyn
4 hoenderdye met vel aan
Sout & peper na smaak
4 e gesmelte botter
¼ k gekapte vars pietersielie



Metode:

1. Spuit 'n bak met 'n bakspuit en voer uit met suurlemoenringe.
2. Sit kappertjiesaad, knoffel en witwyn bo-op.
3. Plaas hoenderdye bo-op.
4. Smeer die dye met 3 e van die botter.
5. Sprinkel sout & peper bo-oor.
6. Bak vir 20 minute by 180°C en smeer dan met die res van die botter.
7. Bak vir 'n verdere 20 minute met 'n matige "grill" sodat dit mooi bruin en brosserig raak.
8. Sprinkel met pietersielie en bedien op rys.


- Kerrygoldbotter se toetskombuis

*(Nie almal hou van die gaar suurlemoenringe nie maar ek eet alles huidjie & muidjie - Red)*

**PLAASVERVANGERS VIR EIER IN 'N RESEP**

As rysmiddel

10-15 ml bakpoeier
2-3 ml koeksoda
4-6 ml kremetart



As bindmiddel

15 ml mielieblom/ vlapoeier
30 ml koekmeelblom

As vloeistof

60 ml appelsap
75 ml appelpuree/appelkoospuree
1 ryp middelslag piesang fyngedruk

Gekry in SA kookboek vir allergieë en voedselsensitiwiteit

- Hilda Latengan

**DOEN ONS DIT NOG EN AS ONS MOET, WEET ONS HOE?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| *1.* | *Salad fork* | *10* | *Salad plate* |
| *2.* | *Fish fork* | *11* | *Soup bowl* |
| *3.* | *Dinner fork* | *12* | *Service plate* |
| *4.* | *Napkin* | *13* | *Salad knife* |
| *5.* | *Butter knife* | *14* | *Meat knife* |
| *6.* | *Bread plate* | *15* | *Fish knife* |
| *7.* | *Dessert spoon* | *16* | *Soup spoon* |
| *8.* | *Dessert fork* | *17* | *Tea spoon* |
| *9.* | *Place card* | *18* | *Seafood fork* |
| | | *19* | *Water goblet* |
| | | *20* | *Champagne flute* |
| | | *21* | *Red wine glass* |
| | | *22* | *White wine glass* |
| | | *23* | *Sherry glass* |



# BOEKERESENSIES

**the elephant whisperer** - Lawrence Anthony

Lawrence Anthony skryf een van die mees gelese nie-fiksie romans oor sy ervaring met 'n trop verwilderde olifante wat as 'n laaste uitweg in sy sorg geplaas word by die Thula Thula wildreservaat.

Die titel van die immer gewilde boek is baie bekend, maar ek het nog nooit voorheen die boek gelees totdat die skrywer hierdie jaar as Engelse skrywer van die jaar benoem was nie. Hierdie boek lees amper soos fiksie en was verrassend boeiend van die heel eerste bladsy af. Die genre kan ook beskryf word as biografiese fiksie en die leser het die wêreld van 'n wildbewaarder met eindelose geduld en deernis vir wilde diere leer ken. Hy beskryf sy eie vrese en oorwinnings met soveel emosie dat mens nie kan help om telkens te lag en ook 'n traan weg te vee nie! Anthony se lewens-motto is baie duidelik uit hierdie aanhaling: "If there is one thing I disapprove of, it's the unnatural capture and taming of wild animals, whether an elephant or a bird." In die hele proses om die verwilderde olifante se vertroue te wen en so die trop se lewe te red, het Lawrence Anthony navorsing oor olifante in hulle natuurlike habitat versamel wat groot opslae in die wetenskaplike wêreld gemaak het. Die leser leer ook deur Anthony se beskrywings van die lojaliteit, die sensitiwiteit en die kompleksiteit van hierdie majestueuse diere.

Wat my opgeval het, was Anthony se vermoë om met die hoofmanne in KwaZulu-Natal te onderhandel en om die plaaslike bevolking te leer aangaande wildbewaring en die ekonomiese voordeel wat samewerking vir hulle kon bring.

Max, Anthony se Staffordshire bullterrier, het nie net die rol van vertroueling en vriend gespeel nie, maar hy tree op as 'n soort getuie van al die gebeure wat die vertellings soveel meer geloofwaardigheid gee. Sy Franse vrou, Francoise, bedien Franse kookkuns en maak 'n blomtuin in die hart van wilde Afrika. Hulle verhouding gee 'n romantiese kleur aan die verhaal wat bydrae tot die genot om dit te lees.

Die boek is in 2009 deur Pan Macmillan uitgewers in London gepubliseer. Dit is in verskeie tale vertaal en daar is ook 'n film op die boek gebaseer. Na my mening is hierdie 'n uitstekende boek vir lesers wat van die diereryk en wildbewaring hou, maar ander genre-lesers sal dit eweneens baie geniet.



- Elma Human, Jakarandastreek-skakelbeampte

**An Elephant in my Kitchen** -Francoise Malby-Anthony




Die leser maak kennis met Francois Malby-Anthony in *the elephant whisperer* as die vrou van Anthony Lawrence. Francoise, die verfynde blonde vrou uit Frankryk, keer egter nie na Lawrence Anthony se dood terug na haar geboorteland soos almal verwag het nie, maar neem die wildbewaringswerk op Thula Thula op haar eie skouers. Sy vertel van haar vrees vir die wilde olifanttrop nadat hulle vriend en vertroueling gesterf het en hoe sy dit moes oorkom. Die olifante het telkens die huis kom besoek en verrassende insidente veroorsaak wat die leser die boek moeilik laat neersit.

Daar word vertel van die versorgingsplek wat Francoise vir weesdiertjies op die been gebring het. Met baie humor en hartseer word verhale van die klein renostertjies, die bokkies, die olifantjie met die misvormde voete en nog baie ander vertel. Die spanning loop plek-plek hoog wanneer stropers op gewelddadige wyse die reservaart binnedring en die diere sowel as die mense se lewens bedreig.

Dit is merkwaardig dat Francoise vroue reserviste opgelei het om te help met die sekuriteit op Thula Thula. Sy het ook werkskepping bevorder en fondse gegenereer deur die eksklusiewe akkommodasie en Franse geregte (deur haarself voorberei), wat aan gaste voorgesit word.

As mens *the elephant whisperer* gelees het, is hierdie boek 'n boeiende opvolgverhaal van die werk van die Anthony-paartjie. Daar is nie duplisering van insidente nie, maar wel ander perspektiewe wat deernis en meer insig by die leser wek.

*An Elephant in my Kitchen* is 'n boeiende roman, wat maklik lees en hoogs aan te beveel is vir enige leser. Dit is in 2018 uitgegee deur Sidgwick & Jackson in London.


Foto bo: Francois Malby-Anthony met die boek, *There is an elephant in my kitchen*, wat sy oor haar ervaringe op Thula Thula reservaat geskryf het.

- Elma Human

Jakarandastreekskakelbeampte

**HANS KRY TOUKOORS** deur Rudie van Rensburg

Hans het geen begeerte om ná soveel jare sonder sy geliefde Saartjie weer vrou te vat nie. Hy leef heel gemaklik alleen in Huis Madeliefie. Maar alles verander wanneer 'n nuwe inwoner, Liefiediefie, in die tehuis land. Met haar Marilyn Monroe-gesiggie en Jane Fonda-lyfie veroorsaak sy 'n heidense herrie onder die mans en roer sy iets in Hans se gemoed los. Nog 'n aantreklike nuwe inkommer, Janneman Vermaak en Hans se nuwe buurman, kry egter al Liefiediefie se aandag. Hy het die ander inwoners ook gou onder sy duim met die opwindende talentkompetisies wat hy reël waar groot prysgeld elke keer gewen kan word. 'n Verdere pen word in Hans se hart gedryf toe hy besef hierdie opperste snoeshaan het sy posisie as leidsman in die tehuis oorgeneem. Hy begin aanvaar dat 'n ou viool nie meer nuwe liedjies kan speel nie. Maar die ou Hans van Kraaienburg ontwaak gou wanneer hy aan sy broek se naat voel daar vind 'n gekonkel by die talentkompetisies plaas . . .




**GEBED VIR ELKE GELEENTHEID**
deur Hennie Maartens

Gebed vir elke geleentheid bevat 100 gebede vir elke geleentheid om gelowiges se gebedslewe te versterk en aan te vul. Somtyds wil ons graag ons harte na God wend maar ons kan nie die regte woorde vind om ons gevoelens aan die Here oor te dra nie. In hierdie boek het Hennie Maartens 100 hartsgebede saamgevoeg in 'n unieke bundel waarin die Here se kinders riglyne vir gebed kan vind om na die hemelse Vader uit te reik te midde van elke seisoen, situasie, lewensgebeurtenis of beproewing. Hierdie is nie net die perfekte boek om 'n persoonlike gebedslewe te verryk nie, maar ook die ideale boek vir mense wat vir groepe moet bid, soos onderwysers, skoolhoofde, predikers, ouderlinge, selgroepleiers en jeugleiers.




- Hannetjie Nolte, Skakelbeampte, Brackenhursttak

**GRIETJIE SE LOUTERING** deur Bettina Wyngaard




'Gelukkig is dié wat suiwer van hart is, want hulle sal God sien' - Matt 5:8. Grietjie kniel langs haar bed met die gestreepte grys deken. Netso op haar knieë lees sy die Bybel. Dan bid sy: "Ag, Here, dra my deur hierdie dag. Help my. Sit 'n wag voor my mond, maak elke woord uit my mond sag en soet."

Grietjie se loutering is die aangrypende verhaal van 'n weduwee wat haar inkomste as tydelike huiswerker verdien in Grabouw. Sy sukkel om kop bo water te hou, maar haar geloof dra haar, asook haar innige liefde vir haar kinders, Lienkie en Heinie.

Wanneer haar seun deur 'n provinsiale rugbyspan gewerf word, het die gesin hoop op 'n beter lewe. Grietjie se geloof word egter getoets wanneer 'n tragedie die gesin tref. "Ek weet wanneer ek eendag by die punt kom waar ek weer met die Here kan praat met vrymoedigheid, dan wag Hy vir my. En wanneer dit voel ek kan nie meer nie, dan dra Hy my. Maak nie saak wat ek verloor nie, ek het Hom altyd. Wat meer wil ek hê?"

Die sentrale temas in hierdie boek is verhoudings tussen ouers en kinders, verhoudings tussen werkgewers en werknemers en 'n verhouding met God wanneer dinge nie goed gaan nie.




**Shop 20, Gift Acres Shopping Centre**
**c/o Lizann & Lynnwood Road**
**Lynnwood Ridge**
**Contact No's: 072 261 3323 / 012 023 1551**
NOREEN42@VODAMAIL.CO.ZA

*****************

**Sewing Machines and Overlockers**

- **WORKSHOP Service - Repairs - Spares**
- **General Service: R550.00**

*************

R50 discount voucher on a service

**WE STOCK:**

- Elle, Stylecraft, Kismet, Vinnis Colours Ranges of Wool and Crochet Yarns, Schagenmeyer Regia Sock Wool.
- Elle, Pony and Knit Pro Knitting and Crochet Accessories.
- Collection d Art, RTO, DMC and Goblin L Tapestry, Cross stitch, Embroidery Fabrics and Kits.
- Complete Ranges of DMC Tapestry Wool, No 4 Tapestry Cotton, Embroidery Thread. Pearl Cotton No 5, 8, 12, 20, 60 and 80. Embroidery Rings.
- General Haberdashery: Threads, Buttons, Zips, Elastic, Scissors, etc, etc.
- Quilting Fabrics, Quilting Rulers, Rotary Cutters and Cutting Mats. Applique Paper. Iron On and Cotton Batting.

**KERSFEES**

Ja, dis al weer sulke tyd en Tutti Rudman het gewys hoe 'n mens self kersklappers kan maak. Dis baie goedkoper en jy kan dit met meer sinvolle verrassings vul as die gekooptes.





*Mens moet versigtig wees om die klapperstrook aan die eindpunte vas te plak en die linte só ombind dat dit 'n werkbare produk is*

*Die voltooide klappers*



*Regs: Hannetjie Koekemoer en Yvonne Bekker (albei van Kilnerparktak) het saam by Monumentpark kom leer.*



- Alta Lichtenstein, Skakelbeampte, Monumentparktak



# BERNINA

made to create **MOOT**

BERNINA MOOT SHOP 3, 1085 CUNNINGHAM AVENUE, VILLIERIA, PRETORIA

- BERNINA & BERNETTE DOMESTIC MACHINES
- MAQI & JACK INDUSTRIAL MACHINES
- TECHNICAL SERVICES ON ALL MAKE / MODEL MACHINES
- SPARE PARTS AND ACCESSORIES
- VARIOUS CLASSES AVAILABLE



**065 975 8873/ 065 932 2725**

**berninamoot@gmail.com**



*'n Laaste woord vir die jaar:*

## *Die Groot Jaag*

***Met sewe voete hol die week***
***Soos blits by my verby***
***Ek wou nog vra…***
***Waarheen hy ga…***
***Toe koebaai hy vir my!***

***Kort agter hom***
***Hier kom die Tyd!***
***Hygend op sy spoor!***
***Hy wou mos eers gaan water drink***
***Nou gaan hy dalk verloor!***

***Gemeet verbete, hol die Tyd***
***Hy haal vir Sewe in***
***En op die draai…***
***Toe ek nog waai…***
***Het Alles weer begin!***

**- Saphira**

***- Tina Ainslie - Redakteur***